J.F. VAN STADEN

DIE OUTO-ANALISERING VAN DIE BEPALING VAN SULFAAT EN ALKALINITEIT IN WATER

VERSLAG AAN DIE WATERNAVORSINGSKOMMISSIE

PARTEMENT CHEMIE
IVERSITEIT VAN PRETORIA

WNK VERSLAG NO 121/1/84

OUTO-ANALISERING VAN DIE BEPALING VAN SULFAAT EN ALKALINITEIT IN WATER

J F van Staden

Departement Chemie
Universiteit van Pretoria
Pretoria, 0002

MAART 1985

OPSOMMING

Betroubare en akkurate inligting omtrent die bestanddele en konsentrasie daarvan in water is van kardinale belang vir besluite rakende watergehalte en aanwending daarvan. Hierdie is 'n saak wat vorentoe meer krities sal word weens die noodsaaklikheid van strenger beheer oor waterbesoedeling. Water bevat egter 'n groot verskeidenheid chemiese verbindings sodat dit bykans onmoontlik is om 'n analitiese metode te gebruik vir die bepaling van hierdie verbindings wat geheel en al vry van steurings is.

Deur analitiese metodes te verbeter, is dit moontlik om die produktiwiteit van 'n laboratorium te verhoog, meer doeltreffende besluite te neem en produksiekostes te besnoei.

'n Opname van die probleme by die grootste laboratoriums wat watergehalte bepaal, het getoon dat prosedures vir die bepaling van alkaliniteit en sulfaat twee van die metodes is wat die meeste probleme skep. In die lig hiervan is ondersoek ingestel na die moontlike verbetering van hierdie metodes.

Op grond van die navorsing word aanbeveel dat :

(1) die enkelpunttitrasiesisteem vir die bepaling van alkaliniteit gebruik word; en

(2) die turbidimetriese metode vir sulfaat met wysigings soos benodig vir die verskillende tipe monsters gebruik word.

(3) Die handloodioonselektiewe elektrode metode vir monsters wat probleme lewer in bogenoemde kolorimetriese metode.

ERKENNING

Die lede van die loodskomitee vir hierdie projek:

Dr W H J Hattingh	-	Waternavorsingskommissie
Prof A Wiechers	-	Universiteit van Pretoria
Dr M J Pieterse	-	Waternavorsingskommissie
Dr F C Viljoen	-	Randwaterraad
Mnr L S Christodoulou	-	Randwaterraad
Dr H R van Vliet	-	Departement van Waterwese
Dr R A van Steenderen	-	Nasionale Instituut vir Waternavorsing
Mnr R Smith	-	Nasionale Instituut vir Waternavorsing
Mnr M L Siebert	-	Nasionale Instituut vir Waternavorsing
Mnr R R Rimmer	-	Johannesburg Munisipaliteit
Mnr M A Behr	-	Johannesburg Munisipaliteit
Mnr R D Morris	-	Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
Mnr N Penny	-	Departement Gesondheid en Welsyn

het waardevolle leiding en algemene bystand gedurende die verloop van die projek gelewer. Dr W H J Hattingh as voorsitter van die loodskomitee, word hartlik bedank vir die vele ure van vrugbare samesprekings en geduld met die uitvoering van die projek.

Dr H R van Vliet en mnr I Schoonraad van die Hidrologiese Navorsingsinstituut het 'n waardevolle inset gelewer in terme van voorsiening van ge-analiseerde monsters en hulp met oplos van knelpunte in bestaande en voorgestelde prosedures.

Hierdie projek is uitgevoer met finansiële ondersteuning van die Waternavorsings-kommissie, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en die Universiteit van Pretoria.

Mev M Mostert bygestaan deur mev P Pohl, mev G Viljoen en mev A Kok word hiermee bedank vir die tikwerk aan die verslag.

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING:

Die chemiese samestelling van water speel 'n belangrike rol in die aanwending daarvan. Daarom is betroubare en akkurate inligting omtrent die bestanddele wat in die water is belangrik wanneer besluite geneem moet word of die water geskik sal wees vir die doel waarvoor dit aangewend gaan word. Die ingebruikneming van die rekenaar in die veld van analitiese chemie het meegebring dat 'n aantal analitiese metodes ge-outomatiseer kon word en ook dat inligting vinniger verwerk en gekontroleer kan word. Die analis kan dus tot 'n groot mate vrygestel word van die tydrowende taak van berekening van konsentrasies, die tabelleer van die resultate ens. Hierdie hulpmiddel het dan ook meegebring dat die navorser, wat peil trek op die analitiese resultate, sy werk vinniger kan afhandel met 'n gevolglike toename in die aanvraag na nog meer resultate.

Die outomatisering van analitiese metodes en die versyfering van die resultate met behulp van die rekenaar het dus meegebring dat die doeltreffendheid van die chemiese analis in sommige gevalle vervyfvoudig het.

Dit is gebruiklik om die korrektheid van die anorganiese chemiese analise van water te meet deur 'n katioon/anioonbalans op te stel. Enige analise wat in hierdie toets faal, moet weer herhaal word.

In die meeste analitiese laboratoriums word monsters met 'n groot verskeidenheid chemiese samestellings ontvang en dit is bykans onmoontlik om 'n analitiese metode te gebruik wat geheel en al vry van steurings is. Hierdie eienskap, plus die feit dat monsters met hoë konsentrasies van die bestanddeel dikwels gevolg word deur monsters met baie lae konsentrasies van dieselfde bestand= deel, bring mee dat die katioon/anioonbalans versteur word. In die praktyk beteken dit dat 'n aansienlike aantal monsters weer ontleed moet word. Sodanige heranalise vertraag die monstervloei en die produksievermoë van die laboratorium. Daarbenewens is dit ook uiters neerdrukkend vir die analis om monsters oor en oor te herhaal. Hierdie herhaling beteken ook dat die fondse nie so doeltreffend aangewend word as wat moontlik is nie.

Indien daar besef word dat 'n sulfaatanalise minstens R5 kos en dat van die groter laboratoriums in die land wat water ontleed (Hidrologiese Navorsingsinstituut van die Departement Waterwese, Randwaterraad, Munisipaliteit van Johannesburg en die Nasionale Instituut vir Waternavorsing van die WNNR) ongeveer 100 000 sulke analises per jaar uitvoer, dan is die finansiële implikasies duidelik.

Daar is dus baie meriete daarin om die analitiese metodes te verbeter om sodoende die knelpunte uit te skakel.

Daarom het die Waternavorsingskommissie 'n ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria aangegaan waarvolgens die Departement van Analitiese Chemie metodes vir die bepaling van alkaliniteit en sulfaat sou ondersoek, nadat 'n opname by die laboratoriums hierbo genoem, aangetoon het dat hierdie twee metodes die meeste probleme skep.

Die resultate wat tydens hierdie projek verkry is, is onmiddellik verwerk in die vorm van publikasies en van die werk is alreeds gepubliseer of is in die pers. Daarom bestaan hierdie verslag dan net uit bylaes wat die werk en resultate wat verkry is, omskryf. Twee bylaes (nommers 3 en 4) vorm nie deel van die ooreenkoms met die Waternavorsingskommissie nie, maar word ook vir volledigheidshalwe ingesluit.

NAVORSINGSPROGRAM

Alkaliniteit

Die doel van die navorsing was om die akkuraatheid van die metode sodanig te verbeter dat die katioon/anioonbalans betroubaarder is en minder herhalings van analises nodig is.

Die volgende aspekte is gedek:

(1) Verbetering van die bestaande indikator-omslagmetode.

(2) Uitskakeling van organiese materiaal- en kleursteurings.

(3) Ontwikkeling van 'n enkelpunt-titrasiesisteem.

3 / ...

Sulfaat

Die doel van die navorsing in hierdie geval was om die spoed van die bestaande metode te verhoog, die oordrag van monsters uit te skakel en die drywende onstabiele basislyn te verbeter.

Die volgende aspekte is gedek:

(1) Verbetering van die bestaande metode.

(2) Uitskakeling van organiese materiaal- en kleursteurings.

(3) Ontwikkeling van 'n metode met behulp van ioonselektiewe elektrodes.

RESULTATE

Alkaliniteit

(1) VERBETERING VAN DIE BESTAANDE INDIKATOR-OMSLAGMETODE

Die bestaande indikator-omslagmetode is as volg verbeter:

'n Vinnige (120 monsters per uur) outomatiese metode gebaseer op die beginsels van die vloei-inspuittegniek, gekombineer met die kolorimetriese bromokresol-groenbepaling, is ontwikkel. Tesame met die voordele verbonde aan die vloei-inspuittegniek, is dit 'n verdubbeling in die analisefrekwens van die konvensionele geoutomatiseerde gesegmenteerde kontinue-vloeisisteem. 'n Volledige uiteensetting van die metode is as Bylaag 1 aangeheg.

Die vernaamste voordeel wat uit die voltooiing van fase 1 van hierdie gedeelte spruit, is beter benutting van laboratoriumpersoneel weens die hoër analisefrekwens.

(2) UITSKAKELING VAN ORGANIESE MATERIAAL- EN KLEURSTEURINGS

Kleur en troebelrigheid in sommige monsters kan in bogenoemde metode steur. Hierdie steurings kan verwyder word deur uitskakeling daarvan met behulp van 'n

4/ ...

outomatiese voorklepsisteem wat bestaan uit geaktiveerde koolstoffiltreer= papier (soortgelyk aan die een wat vir sulfaat gebruik word. Kyk toepaslike Bylaag 5). Die sisteem was egter nie so geslaagd vir alkaliniteit nie. Daar is gevind dat van die komponente betrokke by alkaliniteit in sommige monsters ook verwyder word. Die rede hiervoor is dat van die individuele chemiese spesies van die karbonaatsisteem se ewewig in sommige monsters so krities is dat daar adsorpsie of selfs desorpsie van die komponente wat bepaal word, mag plaasvind.

(3) ONTWIKKELING VAN 'N ENKELPUNT-TITRASIESISTEEM.

Behalwe kleur en troebelrigheid is daar egter 'n aantal matrikse, wat ook in water mag voorkom en wat nog steeds kan steur. Hier word gedink aan afval= materiaal wat chemies kan steur deur die indikator te vernietig. 'n Elek= trometriese enkelpunttitrasiesisteem is ontwikkel na 'n intensiewe studie van die karbonaatsisteem. Die metode is gebaseer op 'n kombinasie van vloei-inspuitanalise en enkelpunttitrasie. Die monster reageer met 'n suurlineêr-gevoelige bufferoplossing en die pH van die resulterende oplossing word met 'n glaselektrode in 'n deurvloeisisteem gemeet. 'n Analisefrekwens van 120 monsters per uur word gehandhaaf. Hierdie metode is baie betroubaarder en akkurater as die indikator-omslagmetode. Steurings soos kleur, troebelrig= heid en chemiese indikatorsteurings word uitgeskakel. 'n Volledige uiteen= setting van hierdie metode is as Bylaag 2 aangeheg.

Sulfaat

(1) VERBETERING VAN DIE BESTAANDE METODE.

Die bestaande metode is soos volg verbeter:

Die analisefrekwens van die bestaande metode is verhoog. Terselfdertyd is die oordrag van monsters uitgeskakel. Die outomatiese bepaling

van sulfaat is hoofsaaklik gebaseer op die meting van die turbiditeit van 'n bariumsulfaatsuspensie. Benewens die korrekte verstrooiing van die lig= deeltjies by 420 nm vir akkuraatheid en presisie, is daar een knellende probleem wat inherent is aan hierdie metode en dit is dat bariumsulfaat= presipitaat in die vloeisel akkumuleer. Dit gee aanleiding tot oordrag van monsters en 'n onstabiele basislyn. Byvoeging van 'n alkaliese buffer-EDTA oplossing deur 'n alternatiewe monsterlus het bogenoemde probleme opgelos. 'n Volledige uiteensetting van hierdie metode is as Bylaag 3 aangeheg.

(2) UITSKAKELING VAN ORGANIESE MATERIAAL- EN KLEURSTEURINGS.

(a) Deur outomatiese voorklepfiltrasie met behulp van 'n tygonbuis gepak met geaktiveerde koolstof.

Daar is egter gevind dat gesuspendeerde vaste deeltjies en die teenwoordigheid van organiese stowwe en kleur steur in bogenoemde bepaling. Hierdie probleem is oorkom deur bogenoemde steurings outomaties te verwyder met behulp van 'n tygonbuis, gepak met geaktiveerde koolstof. Die tygonbuis word in die vloei= sisteem geplaas tussen die monsternemer en die monsternemingsklepsisteem. Die filtreersisteem se nuttige leeftyd word bepaal deur die geaardheid van en aantal vaste deeltjies wat in die monsters teenwoordig is. Daar is gevind dat die sisteem vir meer as 400 bepalings geskik is. Vervanging van die filtreersisteem beïnvloed nie die vloeidinamika van die vermengingsisteem van die vloei-inspuitprosedure nie. 'n Volledige uiteensetting verskyn in Bylaag 4.

(b) Deur outomatiese voorklepfiltrasie met geaktiveerde koolstoffiltreer= papier.

Die vervanging van bogenoemde filtreertygonbuissisteem kan probleme le= wer in roetinelaboratoriums. Die pakking van die buis is tydrowend en die

buis kan te dig gepak word sodat vloeiprobleme ontstaan. Hierdie outomatiese voorklepfiltreersisteem is verder verfyn deur 'n sisteem te ontwikkel waar geaktiveerde koolstoffiltreerpapier gebruik word met die volgende voordele:

* Dit kan maklik vervang word.
* Opeenvolgende sisteme is meer eenvormig.
* Druk en vloei in die verskillende sisteme is meer konstant.

Hierdie sisteem funksioneer goed. Dit kan verder ook vir monsters met ander analiete aangewend word, mits

* gesuspendeerde vaste deeltjies en kleur volledig verwyder kan word sodat dit nie verder steur nie
* akkuraatheid nie beïnvloed word nie
* die monsters nie oplosbare gekleurde deeltjies bevat wat nie verwyder kan word nie. Die sisteem word volledig beskryf in Bylaag 5.

(c) Gebruik van 'n enkel- of dubbelkanaalsisteem by industriële afvalwater.

Sekere watersisteme, veral industriële afvalwater en water vanuit mynhope, bevat komponente wat intens gekleurde oplossings met water vorm. Monsters van 'n soortgelyke aard kom ook voor in watersisteme wat gevoed word vanuit digbeboste gebiede in Suid-Afrika. Daar is gevind dat die kleurstowwe in bogenoemde monsters nie op die geaktiveerde koolstoffiltreerpapier adsorbeer nie. Gevolglik kan die kleur nie op hierdie wyse verwyder word nie. Bogenoemde monsters kom gewoonlik nie as 'n reël op 'n roetine basis in laboratoriums voor nie, maar verskyn soms wel as uitsonderings, gevolglik moet vir sulke monsters voorsiening gemaak word. 'n Analitiese dubbelkanaal- en enkelkanaalsisteem is vir hierdie doel ontwikkel. 'n Volledige uiteensetting word in Bylaag 6 verskaf.

(d) Bepaling van hoë sulfaatinhoud in industriële afvalwater

Enkele monsters veral dié vanaf industriële afvalwater vanuit aanlegte waarin swaelsuur gebruik word, se sulfaatinhoud is relatief hoog sodat dit buite die konsentrasiegebied van bestaande metodes val. Hierdie monsters moet met die hand verdun word voordat die sulfaat bepaal kan word volgens bestaande prosedures. Bogenoemde handverdunningsmetode neem egter baie tyd in beslag en dit kan verder ook lei tot 'n verlaging in akkuraatheid en presisie van resultate.

Outomatiese dialise van monsters het die volgende voordele:

(a) Steuringsmateriaal soos gesuspendeerde deeltjies en organiese kleur word outomaties verwyder.
(b) Verdunning van monsters vind outomaties plaas. Dit skakel sleurwerk uit.
(c) Geen verlies in akkuraatheid en presisie kom voor weens verdunning nie, want elke standaard en monster word onderwerp aan dieselfde konstante vloeidinamika.
(d) Produktiwiteit word verhoog.

Vir meer besonderhede, kyk Bylaag 7.

(3) ONTWIKKELING VAN 'N METODE MET BEHULP VAN IOONSELEKTIEWE ELEKTRODES

Die bepaling van sulfaat is onderworpe aan steurings, wat inherent aan die meettegniek self is. Om al die steurings heeltemal uit te skakel, ver= al kleur en troebelrigheid was dit nodig om na 'n elektrometriese meetsis= teem te beweeg. Daar bestaan wel 'n elektrometriese titrasieprosedure vir die bepaling van sulfaat. Die metode is egter tydrowend.
'n Handmetode vir die indirekte bepaling van sulfaat deur direkte meting met 'n loodioonselektiewe elektrode is ontwikkel. Katione soos Cu^{2+}, Hg^{2+} en Ag^{+}

en anione wat min oplosbare loodsoute vorm (PO_4^{3-}) steur. Die sisteem is bruikbaar vir roetine sulfaatanalises in die gebied 20-200 $mg \cdot dm^{-3}$.

'n Volledige beskrywing van die prosedure en ondersoek is as Bylaag 8 aangeheg.

Outomatisering van bogenoemde handmetode was nie suksesvol nie. Die gevormde $PbSO_4$ bedek die loodioonselektiewe elektrode in die deurvloeisisteem so vinnig dat die sisteem nie reproduseerbaar is nie. Byvoeging van ammoniumasetaat- en ammoniumtartraatoplossings om die sisteem meer reproduseerbaar te maak was nie geslaagd nie.

AANBEVELINGS

Alkaliniteit

Daar word aanbeveel dat die enkelpunt-titrasiesisteem geïmplementeer word vir alkaliniteitsbepalings.

Sulfaat

Die turbidimetriese metode vir sulfaat met wysigings soos benodig vir die verskillende monsters word aanbeveel. Die handloodioonselektiewe elektrode metode word aanbeveel vir monsters wat probleme lewer in bogenoemde kolorimetriese metode met al sy wysigings. Outomatisering van laasgenoemde metode is nie geskik nie.

Die name van sekere kommersiële produkte en instrumentasie wat in die bylaes vermeld is, word nie deur die Waternavorsingskommissie en die Universiteit van Pretoria onderskryf nie.

BYLAAG 1

Vloei-inspuit analise vir die bepaling van die totale alkaliniteit in oppervlakte-, grond- en huishoudelike water volgens die geoutomatiseerde bromokresolgroen metode

J.F. VAN STADEN
Departement Chemie, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002

EN

H.R. VAN VLIET
Hidrologiese Navorsingsinstituut, Departement Omgewingsake, Privaatsak X313, Pretoria 0001

Abstract

Flow-injection analysis for determining total alkalinity in surface, ground and domestic water using the automated bromocresol-green method

A simple, rapid automated procedure for the colorimetric determination of total alkalinity in surface, ground and domestic water is described. The method is based on the principles of the flow-injection technique in combination with the colorimetric bromocresolgreen indicator determination. The method is suitable for the analysis of total alkalinity at a rate of up to 120 samples per hour with a coefficient of variation of better than 1,40 %. Colour and turbidity in the samples may interfere.

Inleiding

Verskeie metodes is beskikbaar om die korrektheid van mineraalanalises in water te kontroleer (Greenberg en Navone, 1958). In *Standard Methods* (1980) verskyn drie metodes te wete die anioon-katioonbalans, elektriese geleiding en die gebruik van ioonuittuilharse. Alhoewel laasgenoemde twee metodes makliker toegepas kan word, word voorkeur aan die anioon-katioonbalans-metode gegee weens die vollediger mineraalanalises wat terselfdertyd verkry word. Alkaliniteitswaardes vorm sodoende een van die belangrike komponente in so 'n anioon-katioonbalans by natuurlike en afvalwater.

Die pH-waarde van die meeste onbesoedelde omgewingswater lê tussen ongeveer 6,0 en 8,0. Hierdie pH-waarde word primêr deur die chemiese ewewig tussen waterstofkarbonaat- en karbonaatione beheer. Dit word weer gereflekteer in die alkaliniteitwaardes wat verkry word. Die begrip alkaliniteit is in sy totaliteit uiteengesit in *Standard Methods* (1980) en *American Society for testing and Materials* (1975) en word dus nie hier bespreek nie.

Weens die probleme wat ondervind word met die aansluiting van gemeganiseerde titrasieprosedures by vloei-analiseerders, is hoofsaaklik metodes gebruik wat gebaseer is op die verlies of verhoging in absorbansiewaardes in 'n aantal verskillende gebufferde suurbasis/indikatoroplossings wanneer 'n watermonster hierby gevoeg word (Hidrologiese Navorsingsinstituut, 1983). Daar is gevind dat die geoutomatiseerde bromokresolgroen (pH 4,2)-metode die betroubaarste resultate lewer.

Die analisefrekwens van die konvensionele geoutomatiseerde gesegmenteerde kontinue-vloeisisteem is egter net 60 monsters per uur (Hidrologiese Navorsingsinstituut, 1983). Gevolglik is die moontlikheid ondersoek om hierdie frekwens te verhoog en daarom is die vloei-inspuit analisetegniek (VIA) ondersoek. Hierdie tegniek is deur Růžička en Hansen (1975) ontwikkel en is 'n eenvoudige en gerieflike konsep van kontinue vloei-analise. Die tegniek is in staat om analisefrekwensie in die meeste roetine laboratoriums te verhoog.

Die voordele van hierdie tegniek is volledig bespreek in oorsigartikels deur Růžička en Hansen (1980, 1981), Betteridge (1978), Ranger (1981) en Van Staden (1981, 1983).

Hierdie artikel beskryf 'n vloei-inspuitprosedure vir die bepaling van totale alkaliniteit in oppervlakte-, grond- en huishoudelike water volgens die geoutomatiseerde bromokresolgroenmetode.

Beginsel van die geoutomatiseerde metode

Bromokresolgroen word as die suur-basis indikator in die metode gebruik aangesien die pH-gebied (3,6 – 5,2) daarvan met die ekwivalentepunt van totale alkaliniteit ooreenstem. Dit lewer verder 'n definitiewe kleurverandering (geel na blou) wat gerieflik kolorimetries gemeet kan word. Die bromokresolgroen word in 'n buffer (pH 4,0) opgelos waarvan die bufferkapasiteit sodanig gekies is dat die byvoeging van alkaliniteit die pH-waarde min verander en dus 'n verandering in kleur van die suurbasis indikator tot gevolg het. Monsters moet nie verdun, gekonsentreer of op enige manier verander word nie.

Eksperimenteel

Apparaat

(i) *Monsternemingsklep*

'n Carle mikrovolume tweeposisie monsternemingsklep (Carle Katalogusnommer 2014) met twee monsternemingslusse is gebruik. Die klepsisteem is gesinchroniseer met die monsternemingseenheid. 'n Peristaltiese pomp voorsien die draerstroom teen 'n konstante vloeitempo.

(ii) *Cenco monsternemer.*

basiese inligting met behulp waarvan die lang termyn gemiddelde jaarlikse vloedskade bepaal kan word. Hierdie lang termyn gemiddelde jaarlikse vloedskade word dan in vloedskadebeheerbeplanningsmodelle as uitgangspunt geneem vir die vasstelling van die voordele wat met verskillende kombinasies van vloedskadebeheermaatreëls verkry sal word (Viljoen, 1979).

Samevatting en gevolgtrekking

Vanweë die potensiaal van vloedskadevoorspellingsmodelle om toekomstige vloedskade te beraam en as nodige inset om vloedskadebeheermaatreëls te beplan, is gepoog om aan die hand van inligting wat na werklike vloede bekom is, sodanige modelle te ontwikkel. By die ontwikkeling van die modelle is klem op formele modelle gelê, veral vanweë die potensiaal wat die modelle het om vloedskade ook in ander trajekte te beraam. Die vernaamste bevindings ten opsigte van die formele modelle is as volg (Smith, *et al.*, 1981):

- Dit was nie moontlik om data ten opsigte van alle ter sake vloedkenmerke, byvoorbeeld sleurkrag en slikinhoud van die vloedwaters, te bekom nie. Die enigste twee vloedveranderlikes waarvoor redelike akkurate data bekom kon word, is oppervlakte en diepte oorstroom. Beskikbare data ten opsigte van sekere veranderlikes, soos duurte van oorstroming, was nie altyd voldoende akkuraat nie.
- Voldoende data vir die ontwikkeling van formele verliesfunksies was slegs vir 'n paar riviertrajekte en skadekategorieë beskikbaar. Die skadekategorieë is enkelverdiepingwoonhuise, 'n paar ander tipes geboue, akkergewasse, wingerde en besproeiingsgrond.
- Omdat alle ter sake fisiese vloedkenmerke nie in die modelle opgeneem kon word nie, was dit in die meeste gevalle nie moontlik om algemeen toepaslike verliesfunksies te bepaal nie. Die enigste skadekategorieë waarvoor modelle bepaal kon word wat ook op ander trajekte toepassingswaarde het, is enkelverdiepingwoonhuise en buitegboue.
- Die twee fisiese vloedveranderlikes wat die sterkste in die formele modelle figureer is oppervlakte en diepte oorstroom. By gewasskade is dit oppervlakte oorstroom terwyl dit by grond- en gebouskade beide is.

Gegewe die probleme om 'n volledige stel formele verliesfunksies te bepaal, is 'n stel informele funksies gekonstrueer. Met die funksies, wat bloot die klassifisering van alle direkte vloedskade in diepte-oorstroomintervalle behels, kan die skade van vloede van verskillende omvang vir 'n betrokke trajek, met die nodige aanpassings en veronderstellings, beraam word. Die modelle se gebruikswaarde is noodwendig beperk tot die trajekte waarvoor dit bepaal is. Ook sal die aanwendbaarheid van die modelle om toekomstige vloedskade te voorspel vinnig afneem wanneer die grondgebruiksamestelling in die vloedvlakte verander.

Hoewel informele modelle dus nie as 'n volledige alternatief vir formele modelle beskou kan word nie, het die ontwikkeling van die modelle besliste meriete in die navorsing na vloedskadevoorspellingsmodelle, veral vir vloedgebiede waarvoor optimale vloedskadebeheermaatreëls beplan moet word.

Literatuurverwysings

PARKER, D.J. en PENNING-ROWSELL, E. (1972) Problems and methods of flood damage assessment. Progress Report No. 3, Middlesex Polytechnic, Middlesex.

SMITH, D.J.G., VILJOEN, M.F. en SPIES, P.H. (1981) Guidelines for assessing flood damage in South Africa. pp. 19-23. Water Research Commission, Pretoria.

VILJOEN, M.F., VOS, J.A. en MARAIS, P.J. (1977) Vloedskades in sekere riviertrajekte van die Republiek van Suid-Afrika – Deel III, Bevindings rakende die 1974-vloedskades vir verskillende trajekte van die Oranje-, Vaal-, Riet-, Seekoei-en Hartbeesriver. pp. 203-215. Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

VILJOEN, M.F. (1979) Die ekonomie van waterbenutting met besondere verwysing na die bepaling van vloedskade in sekere riviertrajekte van die Republiek van Suid-Afrika. pp. 160-163. Verslag Nr. 1, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

VILJOEN, M.F., VOS, J.A., SMITH, D.J.G. en PRINSLOO, J.W. (1980) Die 1975-vloedskades vir verskillende trajekte van die Vaalrivier. pp. 201-285. Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

VILJOEN, M.F. en SMITH, D.J.G. (1982) Vloedskadebepaling en vloedskadebeheer as onderdele van die ekonomie van waterbenutting. *Water SA* 8(1) 45-51.

VOS, J.A. (1982) Die bepaling van vloedskades binne stedelike nedersettings na aanleiding van die 1975-oorstromings in die Vaalrivier asook riglyne vir die vermindering van vloedskades. pp. 15-23 en 177-192. Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

WHITE, G. (1964) Choice of adjustments to floods. Research Paper No. 95, Department of Geography, The Univeristy of Chicago, Chicago, Illinois.

WIPPLINGER, O. (1977) Persoonlike mededeling. Professor in Siviele Ingenieurswese, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.



Figuur 1
Vloeidiagram vir totale alkaliniteit. Analisefrekwens 120 monsters per uur. Buislengte en -binnedeursnit word respektiewelik in cm en mm gegee.

(iii) ***Cenco peristaltiese pomp wat teen 10 revolusies per minuut funksioneer.***

(iv) *Vermengingsisteem* (Fig. 1).

(v) *Spektrofotometer*

Bausch en Lomb Spectronic 21 DV spektrofotometer (Rochester, New York) toegerus met 'n 10 mm Helma tipe deurvloeisel (volume 80 µℓ).

(vi) ***Mettler Model GA 12 registreerder.***

Reagense

Analities reagens-graad reagense is gebruik, tensy dit anders gespesifiseer is.

(i) *Natriumhidroksiedoplossing*

Los 6,6 g natriumhidroksied in gedistilleerde water op en verdun kwantitatief na 500 cm³. Berg die oplossing in 'n poli-etileenhouer.

(ii) *Bromokresolgroen-stamoplossing*

Voeg 14,5 cm³ van bogenoemde natriumhidroksiedoplossing by 800 cm³ gedistilleerde water. Meng goed. Los 3 g bromokresolgroen hierin op en verdun na 1 dm³. Berg die oplossing in 'n donker glashouer by 4°C. Die oplossing is stabiel vir 5 dae.

(iii) *Buffer/bromokresolgroenoplossing*

Los agtereenvolgens 1 g kalsiumchlorieddihidraat ($CaCl_2 \cdot 2H_2O$) en 15 g kaliumwaterstofftalaat ($C_8H_5O_4K$) op in 800 cm³ gedistilleerde water. Voeg 40 cm³ bromokresolgroen-stamoplossing by. Stel die pH in op 4 met 'n 1 mol·dm^{-3} HCl-oplossing (of 'n 1 mol·dm^{-3} NaOH-oplossing) en verdun na 1 dm³. Hierdie oplossing is stabiel vir 2 dae.

Standaarde

(i) *Stam-waterstofkarbonaatoplossing*

Los 6,7480 g natriumwaterstofkarbonaat ($NaHCO_3$), gedroog vir 1 uur by 60°C, in gedistilleerde water op. Verdun kwantitatief na 1 dm³. Hierdie oplossing is ekwivalent aan 'n oplossing wat 4 mg kalsiumkarbonaat ($CaCO_3$) in 1 cm³ bevat.

(ii) *Standaard-waterstofkarbonaatoplossings*

Berei die volgende reeks standaardoplossings in 1 dm³ volumetriese flesse.

Nommer	Volume stamoplossing (cm³)	$CaCO_3$-konsentrasie in mg·dm^{-3}
1	10,0	40
2	30,0	120
3	50,0	200
4	80,0	320
5	100,0	400

Monsterpreservering

Preserveer die monsters met 20 mg Hg(II) per dm^3 monster. Die monsterbottels moet heeltemal gevul wees en moet so min moontlik voor analise oopgemaak word.

Analitiese vloeisisteem

'n Skematiese diagram van die analitiese vloeisisteem word in Fig. 1 aangetoon. Die vermengingsisteem bestaan uit Tygonbuise met 'n binnedeursnee van 0,51 mm. Die buise is as vermengingspoele om 15 mm perspexstawe gedraai. Lynlengtes word in Fig. 1 aangedui. 'n Cenco peristaltiese pomp, wat teen 10 revolusies per minuut funksioneer, voorsien die draer- en reagensstrome teen konstante vloeitempo's. Monsters van 'n outomatiese Cenco monsternemer word outomaties met behulp van 'n 50 μl monsterlus in die draerstroom ingelaat. 'n Monstersiklus van 30 s word tussen opeenvolgende monsters gehandhaaf. Dit gee 'n analisefrekwens van 120 monsters per uur. Die monsternemingsklepsisteem skakel elke 28 s nadat die monsternemer na die volgende monster beweeg het. Die klepsisteem is gesinchroniseer met die monsternemingseenheid.

Resultate en bespreking

Die bufferkapasiteit van die vloeistroom in die deurvloeidetektor beïnvloed die lineariteit van die bepaling. Die bufferkapasiteit is 'n funksie van die bufferkonsentrasie. Die bufferkonsentrasie in die omgewing van die deurvloeisisteem word deur die draerstroomvloeitempo, bufferstroomvloeitempo en die reagensbottel se bufferkonsentrasie beheer. Daar is besluit om eers die konsentrasies van die verskillende komponente in die buffer/bromokresolgroenoplossing te optimiseer. Resultate toon dat die kalsiumchlorieddihidraatkonsentrasie die absorbansie min beïnvloed. 'n Konsentrasie van 1 g $CaCl_2 \cdot 2\ H_2O$ per dm^3 oplossing lewer die beste reproduseerbare resultate. Die invloed van kaliumwaterstofftalaatkonsentrasie verskyn in Fig. 2. 'n Monstergrootte van 50 μl, draerstroomvloeitempo van 2,00 $cm^3 \cdot min^{-1}$ en bufferstroomvloeitempo van 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$ is gebruik by bogenoemde optimiseringstudie. Die resultate toon duidelik dat die bufferkapasiteit van kaliumwaterstofftalaatkonsentrasies laer as 15 g per dm^3 nie voldoende is om hoë alkaliniteitwaardes te hanteer nie. Gevolglik krom die lyn by hoë waardes. Daar is gevind dat 'n kaliumwaterstofftalaatkonsentrasie van 15 g per dm^3 die beste resultate lewer ten opsigte van presisie en lineariteit.

Optimisering van die bromokresolgroenkonsentrasie (Fig. 3) met 'n monstergrootte van 50 μl, draerstroomvloeitempo van 2,00 $cm^3 \cdot min^{-1}$ en bufferstroomvloeitempo van 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$ toon dat 40 cm^3 van die bromokresolgroenstamoplossing per dm^3 die beste resultate lewer. By 50 cm^3 verswak die presisie terwyl 'n kromme by hoër konsentrasies voorkom. Bogenoemde geoptimiseerde konsentrasies van die komponente in die buffer/bromokresolgroenoplossing is by die verdere evaluering-



Figuur 2
Invloed van kaliumwaterstofftalaatkonsentrasie (KHF). Monstergrootte = 50 μl. Draerstroomvloeitempo = 2,00 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Bufferstroomvloeitempo = 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$.



Figuur 3
Invloed van bromokresolgroenkonsentrasie (BKG). Monstergrootte = 50 µℓ. Draerstroomvloeitempo = 2,00 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Bufferstroomvloeitempo = 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$.



Figuur 4
Invloed van bufferstroomvloeitempo. Monstergrootte = 80 µℓ. Draerstroomvloeitempo = 2,00 $cm^3 \cdot min^{-1}$.



Figuur 5
Invloed van draerstroomvloeitempo. Monstergrootte = 80 µℓ. Bufferstroomvloeitempo = 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$.



Figuur 6
Invloed van monstervolume. Draerstroomvloeitempo = 2,00 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Bufferstroomvloeitempo = 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$.

TABEL 1
RESULTATE VAN DIE PRESISIETOETS VIR DIE VOORGESTELDE VIA METODE SOOS UITGEVOER OP 'N REEKS TOTALE ALKALINITEIT STANDAARDOPLOSSINGS

Monster	Totale alkaliniteit as $mg \cdot dm^{-3}$ $CaCO_3$	Variasiekoëffisiënt[a] %
1	40	1,40
2	120	0,80
3	200	0,58
4	320	0,39
5	400	0,36

[a]Vir 14 toetse in elke geval

TABEL 2
VERGELYKING VAN RESULTATE VERKRY MET 'N STANDAARD OUTOMATIESE GESEGMENTEERDE METODE EN DIE VOORGESTELDE VLOEI-INSPUIT METODE (VIA)[a]

Monster	Gesegmenteerde metode	VIA	Variasiekoëffisiënt %
1	161	156	0,64
2	150	146	0,71
3	43	42	1,34
4	161	160	0,69
5	48	47	1,23
6	27	32	1,37
7	95	95	0,87
8	34	32	1,39
9	40	34	1,29
10	27	34	1,31
11	100	90	0,90
12	341	337	0,38
13	82	76	0,93
14	99	95	0,89
15	66	63	0,99
16	64	64	0,96
17	54	52	1,09
18	257	254	0,49
19	20	24	1,39
20	25	24	1,37
21	254	241	0,47
22	119	115	0,84
23	61	52	1,07
24	47	44	1,19
25	250	254	0,51

[a]Gemiddelde resultaat van 14 toetse in elke geval

TABEL 3
VERGELYKING VAN RESULTATE VERKRY MET DIE VOORGESTELDE VIA METODE SONDER EN MET DIE STANDAARD ADDISIEMETODE

Monster	VIA sonder standaard addisie	VIA met standaard addisie	Herwinbaarheid (%)
1	254	250	98,4
2	160	157	98,1
3	64	63	98,4
4	115	115	100,0
5	34	36	105,8
6	95	93	97,9

weglaatbaar klein. Geen basislyndryf is ondervind nie. Daar is wel gevind dat kleur en troebelrigheid in die monsters in hierdie metode kan steur. Van die reeks van 67 monsters wat ontleed is het net een die probleem gelewer. Resultate het verder getoon dat die waardes van sommige monsters wel betekenisvol kan wissel indien die monsterbottels te veel oopgelaat en aan die atmosfeer blootgestel word.

Die presisie van die metode is op standaarde (Tabel 1) en op watermonsters getoets (Tabel 2). Die standaardafwyking is minder as 1,40% vir 14 toetse op elke watermonster.

Die voorgestelde VIA metode vergelyk verder gunstig met die standaard outomatiese gesegmenteerde metode (Hidrologiese Navorsingsinstituut 1983 (Tabel 2). Die akkuraatheid van die voorgestelde metode is ook getoets deur die standaard addisiemetode. Bekende hoeveelhede totale alkaliniteit is by watermonsters gevoeg en die resultate voor en na addisie is verwerk. Die waardes wat verkry is deur die voorgestelde metode en dié deur die standaard addisie modifikasie, verkyn in Tabel 3. Dit blyk duidelik dat die herwinbaarheid voldoende is. Die herwinbaarheid van die voorgestelde metode oor vyf dae is ook getoets. Kontrole monsters is oor 'n tydperk van vyf dae teen standaardoplossings geëvalueer. Herwinbaarheid was beter as 99 %.

Die VIA metode wat hier beskryf word, is geskik vir die bepaling van totale alkaliniteit teen 'n tempo van 120 monsters per uur met 'n variasiekoëffisiënt van beter as 1,40 %.

Erkenning

Hierdie projek is uitgevoer met finansiële ondersteuning van die Waternavorsingskommissie, die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad en die Universiteit van Pretoria.

Verwysings

AMERICAN SOCIETY FOR TESTING AND MATERIALS (1975) *Book of ASTM Standards*, Part 31, Water, ASTM, Philadelphia. 111-119.

BETTERIDGE, D. (1978) Flow-injection analysis. *Anal. Chem.* 50(9) 832A.

GREENBERG, A.E. en NAVONE, R. (1958) Use of the control chart in checking anion-cation balances in water. *J. Am. Wat. Wks. Ass.* 50(10) 1365.

HIDROLOGIESE NAVORSINGSINSTITUUT (1983). Persoonlike mededeling.

RANGER, C.B. (1981) Flow injection analysis. Principles, techniques, applications, design. *Anal. Chem.* 53(1) 20A.

RŮŽIČKA, J. en HANSEN, E.H. (1975) Flow injection analysis. Part 1. A new concept of fast continuous flow analysis. *Anal. Chim. Acta.* 78 145.

RŮŽIČKA, J. en HANSEN, E.H. (1980) Flow injection analysis. Principles, applications and trends. *Anal. Chim. Acta.* 114 19.

RŮŽIČKA, J. en HANSEN, E.H. (1981) *Flow injection analysis.* Wiley, New York. USA.

STANDARD METHODS for the Examination of Water and Wastewater, APHA, AWWA en WPCF, Washington (15de Uitgawe, 1980).

VAN STADEN, J.F. (1981) Some application aspects of flow-injection analysis. 182nd ACS National Meeting, New York, August 1981, Div. Analytical Chem., Symp. on flow-injection and other unsegmented continuous-flow sample processing systems, Paper No. 23.

VAN STADEN, J.F. (1983) Flow-injection Analysis. Minicourse. S.A. Chemiese Instituut. Suid-Transvaal. Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.

studies gebruik. Die evaluering van die bufferstroomvloeitempo word in Figuur 4 aangetoon. 'n Monstergrootte van 80 $\mu\ell$ en 'n draerstroomvloeitempo van 2,00 $cm^3 \cdot min^{-1}$ is by die evaluering gebruik. Lineariteit word verkry vir bufferstroomvloeitempo's groter as 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$. By vloeitempo's kleiner as 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$ wyk die lineariteit af vir lae alkaliniteitswaardes. By bufferstroomvloeitempo's groter as 0,80 $cm^3 \cdot min^{-1}$ verswak die presisie betekenisvol weens die hoër vloeitempo in die betrokke lynlengte en gevolglike swakker mengbaarheid. 'n Bufferstroomvloeitempo van 0,60 $cm^3 \cdot min^{-1}$ lewer die beste resultate. Die draerstroomvloeitempo beïnvloed nie net die presisie en lineariteit van die metode nie, maar beheer ook die analisefrekwens van die watermonsters. Die absorbansie word nie veel deur verandering in vloeitempo beïnvloed nie; die presisie wel. Alhoewel 'n draerstroomvloeitempo van 2,5 $cm^3 \cdot min^{-1}$ (Fig. 5) 'n hoër analisefrekwens lewer en nog steeds lineêr is, is gevind dat 'n hoër presisie met 'n draerstroomvloeitempo van 2,0 $cm^3 \cdot min^{-1}$ verkry word.

Monstervolume beïnvloed ook lineariteit en presisie. In die geval van 'n propinspuiting word 'n skyf met lengte ΔL van die draerstroom oombliklik verplaas deur monstervloeistof met beginkonsentrasie, C_o. L is die lynlengte van die hele sisteem. Die hoeveelheid monster Q_o wat in die draerstroom ingelaat word is

$$Q_o = \pi R^2 \Delta L\, C_o$$

waar R die straal van die monsterbuis is. Die lengte van die monsterskyf ΔL en die straal van die monsterskyf R beïnvloed dus die presisie van die metode. Die beste resultate is verkry met 'n monstergrootte van 50 μl (Fig. 6). Die resultate van die triplikaatanalise van 'n reeks totale alkaliniteit standaardoplossings verskyn as 'n tipiese verteenwoordigende strookkaart registreerder uitdruk in Fig. 7. Analisetempo is 120 monsters per uur.

Die invloed van monsteroordrag is geëvalueer deur analises na willekeur uit te voer. Oordrag van een monster na 'n tweede is



Figuur 7
Resultate van die triplikaatanalise van 'n reeks totale alkaliniteit standaardoplossings. Die getalle op die pieke dui die totale alkaliniteit as mg per dm^3 $CaCO_3$ aan.

BYLAAG 2

VLOEI-INSPUIT ANALISE VIR DIE TOTALE ALKALINITEIT IN OPPERVLAKTE-, GROND- EN HUISHOUDELIKE WATER MET BEHULP VAN 'N ENKELPUNTTITRASIESISTEEM

J.F. VAN STADEN

Departement Chemie

Universiteit van Pretoria

PRETORIA 0002

ABSTRACT

An electrometric single-point titration system for the determination of total alkalinity in surface-, ground- and domestic water is described. The method is based on a combination of flow-injection analysis and single-point titration. The sample is reacted with an acid linear-response buffer solution and the pH of the resulting solution is measured with a glass electrode in a flowthrough assembly. The method is suitable for the analysis of total alkalinity at a rate of up to 120 samples per hour with a coefficient of variation of better than 0,8%. Interferences like colour and turbidity are eliminated.

2 / ...

SAMEVATTING

'n Elektrometriese enkelpunttitrasiesisteem vir die bepaling van totale alkaliniteit in oppervlakte-, grond- en huishoudelike water word beskryf. Die metode is gebaseer op 'n kombinasie van vloei-inspuit analise en enkelpunt= titrasie. Die monster reageer met 'n suur lineêr gevoelige bufferoplossing en die pH van die resulterende oplossing word met 'n glaselektrode in 'n deurvloeisisteem gemeet. Die metode is geskik vir die analise van totale alkaliniteit teen 'n tempo van tot 120 monsters per uur met 'n variasie= koëffisiënt van beter as 0,8%. Steurings soos kleur en troebelheid word uitgeskakel.

INLEIDING

Die karbonaatsisteem vorm die belangrikste suur-basissisteem in natuurlike water. Die chemiese spesies waaruit die karbonaatsisteem bestaan naamlik koolstofdioksied in die gasvorm ($CO_2(g)$), waterige of opgeloste koolstof= dioksied ($CO_2(aq)$), karboonsuur ($H_2CO_3(aq)$), waterstofkarbonaat ($HCO_3^-(aq)$), karbonaat ($CO_3^{2-}(aq)$) en karbonaatbevattende vaste stowwe omvat een van die hoofsuur-gekonjugeerde basissisteme in natuurlike water. Die karbonaatspesies buffer verder ook natuurlike water. Weens die invloed van die karbonaat= sisteem op die suur-basis eienskappe van water is die analitiese tegnieke wat die kapasiteit van water in terme van alkaliniteit bepaal, grootliks gebaseer op die spesifieke eienskappe van die karbonaatsisteem. As gevolg hiervan vorm alkaliniteitswaardes 'n belangrike kontrolepunt in die beheer en interpretasie van die katioon/anioonbalans by natuurlike en afvalwater.
In bogenoemde watersisteme neem die individuele chemiese spesies van die karbonaatsisteem verder ook deel aan ander belangrike reaksies wat streng gesproke nie suur-basis interaksies is nie. Dit verander egter wel die alkaliniteitswaardes. Voorbeelde van reaksies wat hierdie katioon/anioon= balans versteur, is onder andere

(a) Deelname van koolstofdioksied in die biologiese respirasieproses en oksidasie van organiese materiaal (CO_2 word gevorm).

(b) Deelname van koolstofdioksied in biosintese deur fotosintetiese organismes (CO_2 word verbruik).

(c) Reaksies tussen karbonate en waterstofkarbonate aan die een kant met metale soos onder andere Ca^{2+} en Mg^{2+}.

4 / ...

(d) Chemiese behandeling van harde water en industriële afvalwater.

(e) Heterogene gas-vloeistofewewigreaksie van koolstofdioksied (oplos van CO_2 en omgekeerde).

Bogenoemde reaksiesisteme lei daartoe dat die alkaliniteit van water die geskiktheid daarvan vir besproeiing, industriële en huishoudelike gebruik beïnvloed.

Die alkaliniteit van water word gedefinieer as die kapasiteit van sommige bestanddele om 'n sterk suur te neutraliseer. In natuurlike water is hierdie kapasiteit hoofsaaklik te wyte aan basisse soos HCO_3^- , CO_3^{2-} en OH^- en in 'n mindere mate spesies met kleiner konsentrasies soos silikate, borate, ammoniak, fosfate en organiese basisse. Die ekwivalente hoeveelheid sterk suur wat benodig word om hierdie ione te neutraliseer is gelyk aan die totale alkaliniteit. By oppervlaktewater word die alkaliniteitwaarde hoof= saaklik aan die konsentrasie van die karbonaat-, waterstofkarbonaat- en hidroksiedinhoud toegeskryf.

In die praktyk sluit 'n alkaliniteitbepaling die titrasie met 'n standaard suur soos soutsuur of swaelsuur in (Standard Methods for the Examination of Water and Wastewater, 1980) en dit reflekteer die algehele konsentrasie van bestanddele wat in staat is om met waterstofione onder die titrasietoestande te reageer. Eksperimenteel word die hidroksied-, waterstofkarbonaat- en karbonaatalkaliniteit bepaal deur agtereenvolgens die oplossing eers te titreer na die waterstofkarbonaat-endpunt en dan na die karboonsuur- of totale alkaliniteit-endpunt. Fenolftaleïenindikator word vir waterstofkar= bonaat-endpunt en metieloranje indikator vir die totale alkaliniteit-endpunt gebruik. Die H^+-ione van die sterk suur, wat bygevoeg word, is die stoïgio=

metriese hoeveelhede vir die volgende reaksies:

$$H^+(aq) + OH^-(aq) \rightleftarrows H_2O(\ell)$$
$$H^+(aq) + HCO_3^-(aq) \rightleftarrows H_2CO^*{}_3(aq)$$
$$2\ H^+(aq) + CO_3^{2-}(aq) \rightleftarrows H_2CO_3^*(aq)$$

($H_2CO_3^*$ is onstabiel en ontbind om CO_2 en H_2O te vorm)

Hiervolgens word totale alkaliniteitwaarde gegee deur:

Totale alkaliniteit

$$= [HCO_3^-] + 2\ [CO_3^{2-}] + [OH^-]$$

'n Alkaliniteit titrasiekromme word in Figuur 1 aangetoon. Daar bestaan 'n hele aantal moontlike kombinasies van die waterstofkarbonaat-, karbonaat- en hidroksiedioonkonsentrasies wat aanleiding gee tot kenmerkende titrasie= krommes. Met Figuur 1 as verwysing kan die alkaliniteitwaarde soos volg toegeskryf word.

1. Indien a > b.

   (i) Wanneer b = 0. In hierdie geval sal die totale alkaliniteit vir alle praktiese doeleindes gelyk wees aan die hidroksiedkonsentrasie.

   (ii) Wanneer b > 0. In hierdie geval sal die totale alkaliniteit gelyk wees aan die teenwoordigheid van hidroksied- en karbonaatalkaliniteit.

2. Indien a = b. Die totale alkaliniteit word deur die karbonaatione verteenwoordig.

3. Indien a < b.

   (i) Wanneer a > 0. Dit dui op die teenwoordigheid van die waterstof= karbonaat- en karbonaatalkaliniteit.

6 / ...

(ii) Wanneer a = 0. In hierdie geval sal die totale alkaliniteit vir alle praktiese doeleindes gelyk wees aan die waterstofkarbonaatioonkonsentrasie.

Bogenoemde verwantskappe geld solank as wat daar geen ander swak sure of basisse in die water teenwoordig is nie. Die ewewig

$$CO_2(g) \rightleftarrows CO_2(aq) \rightleftarrows H_2CO_3(aq)$$

behoort ook indirek die totale alkaliniteitwaarde te beïnvloed. Totale alkaliniteit is egter 'n behoudende eienskap van water en word derhalwe nie beïnvloed deur relatief klein skommelings in temperatuur en druk nie of deur die byvoeging of verwydering van relatief klein hoeveelhede koolstofdioksied nie. Indien 'n klein hoeveelheid koolstofdioksied by 'n oplossing gevoeg word, sal die pH van die oplossing verlaag en die waterstofkarbonaatkonsentrasie toeneem met 'n stoïgiometriese hoeveelheid.

$$CO_2(g) + H_2O(\ell) \rightleftarrows HCO_3^-(aq) + H^+(aq)$$

Indien 'n klein hoeveelheid koolstofdioksied uit die water verlore gaan, sal die pH toeneem en 'n stoïgiometriese hoeveelheid karbonaatione sal omgeskakel word na waterstofkarbonaat- en hidroksiedione.

$$H_2CO_3(aq) \rightleftarrows H_2O(\ell) + CO_2\uparrow$$

$$CO_3^{2-}(aq) + H_2O(\ell) \rightleftarrows HCO_3^-(aq) + OH^-(aq)$$

Indien 'n watersisteem dus in ewewig met sy omgewing is, sal die byvoeging of verwydering van relatief klein hoeveelhede koolstofdioksied wel die pH en die spesiering van die ione in die water beïnvloed, maar geen noemenswaardige invloed op die totale alkaliniteit uitoefen nie. Dit het daartoe gelei dat dit wel moontlik is om totale alkaliniteit in water te bepaal.

7 / ...

Die drastiese versteuring van die ewewigsisteem en die byvoeging of ont= trekking van relatief groot hoeveelhede koolstofdioksied beïnvloed wel die totale alkaliniteitwaarde soos in die geval van boorgatwater. Die geleidelike onttrekking of byvoeging van koolstofdioksied lewer dieselfde resultate. Gevolglik kan monsterhouers nie relatief lank oopgelaat word nie.

Die standaard prosedures (Standard Methods for the Examination of Water and Wastewater, 1980;- American Society for Testing and Materials, 1975) vir die bepaling van totale alkaliniteit in water kan in die volgende twee kategorieë geplaas word naamlik elektrometriese (potensiometriese) titrasies en kleurver= andering (kleurvergelykende) titrasies. Van hierdie twee kategorieë word die mees presise en akkurate resultate gegee deur elektrometriese titrasies. Kleurverandering of kleurvergelykende titrasie is gebaseer op die bepaling van alkaliniteit relatief tot 'n voorafbepaalde endpunt gebaseer op die veran= dering in kleur van 'n interne indikator. Daar is 'n aantal steurings geasso= sieer met laasgenoemde titrasieprosedure. Die natuurlike kleur of die ont= wikkeling van 'n presipitaat gedurende titrasie van die monster kan kleur= verandering van die interne indikator maskeer. Die teenwoordigheid van or= ganiese stowwe en veral die kleur wat daarmee geassosieer is, steur in die indikatormetode. Afvalmateriaal, wat in sommige waters voorkom, kan chemies steur deur die indikator te vernietig en varieerbare resultate mag voorkom met water wat oksiderende of reduserende stowwe bevat.

Weens die probleme wat ondervind word met die aansluiting van gemeganiseerde titrasieprosedures by vloei-analiseerders is hoofsaaklik beweeg na metodes wat gebaseer is op die verlies of verhoging in absorbansiewaardes in 'n aantal verskillende gebufferde suurbasis indikatoroplossings wanneer 'n watermonster hierby gevoeg word. Die analisefrekwens van die konvensionele geoutomatiseerde gesegmenteerde kontinue-vloeisisteem is egter net 60 monsters per uur.

8 / ...

Willis en Mullins (1983) het twee instrumente geëvalueer om geskikte reaksietoestande te vind vir die bepaling van beide lae en hoë alkaliniteits= waardes volgens 'n konvensionele gesegmenteerde kontinue-vloei indikator= metode. Behalwe die lae analisefrekwens wat inherent is by gesegmenteerde vloei, het die outeurs ook probleme ondervind om die kalibrasiekromme oor die hele konsentrasiegebied te lineariseer. Van Staden en Van Vliet (1983) het 'n vinniger outomatiese prosedure vir die bepaling van totale alkaliniteit in oppervlakte-, grond- en huishoudelike water ontwikkel. Die metode is gebaseer op die beginsels van die vloei-inspuit tegniek gekombineer met die kolorimetriese bromokresolgroen bepaling en is geskik vir die analise van totale alkaliniteit teen 'n tempo van tot 120 monsters per uur met 'n variasie= koëffisiënt van beter as 1,40%. Daar is egter gevind dat die steurings soos hierbo genoem waaronder kleur, troebelrigheid en afvalmateriaal probleme veroorsaak wat hoofsaaklik bydra tot die lae akkuraatheid wat in sommige gevalle verkry word. Kleur en troebelrigheid kan verwyder word met die outomatiese voorklepfiltrasie met geaktiveerde koolstoffiltreerpapier wat deur Van Staden (1983) vir die vloei-inspuit turbidimetriese analise van sulfaat ont= wikkel is. Daar is egter gevind dat dit nie 'n oplossing bied vir die verwyde= ring van steurende oksiderende of reduserende stowwe wat in afvalwater voor= kom in die geval van die bepaling van totale alkaliniteit nie.

Hieruit blyk dit duidelik dat die akkuraatheid vir bogenoemde bepaling in vloeisisteme alleen verhoog kan word indien beweeg word na 'n prosedure wat gebaseer is op een of ander vorm van gemeganiseerde elektrometriese titrasies. Slegs 'n paar artikels oor kontinue-vloei titrators (Blaedel en Laessig (1964, 1965, 1966) het tot dusver verskyn. Die hoofnadeel van hierdie sisteme is die relatief lae analisefrekwens van ongeveer een monster elke ses minute.

9 / ...

Ruzicka en medewerkers (1977) het die gradiënt idee by vloei-inspuit analise (VIA) aangepas in 'n verdere ontwikkeling van die kontinue titrimetriese tegniek. Die gradiënt is geskep binne-in 'n kontinue ongesegmenteerde vloeistroom. Die oorsprong van die gradiënt is teweeg gebring deur of 'n buis met 'n groter deursnee te gebruik of deur 'n miniatuur gradiëntkamer as deel van die vermengingsisteem te inkorporeer. Die tyd tussen die ekwivalente punte vir die stygende en dalende gedeelte van die titrasiekromme is eweredig aan die logaritme van die monsterkonsentrasie. Analisefrekwens is verhoog tot tussen 20 en 60 monsters per uur. Hierdie tegniek is verder verfyn deur Stewart (1981). Die nadele van hierdie sisteem is die volgende. Piekbreedte in plaas van piekhoogte word as meetsisteem gebruik. Omdat die breedte van die piek varieer, is dit moeilik om die tegniek te outomatiseer. Die breedste piek vorm die bepalende faktor en beheer dus die analisefrekwens. Die presisie van die metode is swak. In my laboratorium was die beste wat bereik kon word, 'n variasiekoëffisiënt van ongeveer 7%.

Die beste bydrae tot die meganisasie van titrasieprosedures op kontinue vloei-analiseerders is gelewer deur Åström (1979) wat die beginsel van enkelpunt titrasie (Leithe, 1964, Havas, 1975) met die vloei-inspuit tegniek gekombineer het. Enkelpunt titrasie is 'n intermediêre tegniek tussen direkte titrasie en direkte potensiometrie. Dit is algemeen bekend dat direkte titrasies nie uitgevoer kan word deur direkte pH metings nie, omdat probleme ontstaan met die onbekende dissosiasiegraad van die suur of basis wat bepaal word. Die rede hiervoor is die suur- of alkalifoute sowel as diffusiepotensiale wat ontstaan indien 'n glaselektrode gebruik word. Die grootte van die foutiewe verandering wat so sou ontstaan is 'n funksie van die samestelling van die monsters. Dit is wel moontlik om die invloed van hierdie faktore tot 'n mate te elimineer, maar die probleem dat die verband tussen pH en

10 / ...

hidroksonium ioonaktiwiteit logaritmies is, bly voortbestaan.

Dit is egter wel moontlik om al die genoemde faktore te vermy. Verder kan die pH-konsentrasieverband gelineariseer word deur die toepassing van konstante ioonsterkte, lineêre-respons reagense. Hierdie reagense bestaan uit 'n mengsel van swak sure of swak basisse. Gebruik van hierdie reagense voorsien feitlik 'n lineêre verband tussen die hoeveelheid basis of suur in die monster en die pH. Met die toepassing van hierdie reagense, kan gewone titrasies as oortollig en stadig beskou word. Sure en basisse kan op 'n eenvoudige en vinniger wyse bepaal word deur 'n enkele pH-meting. 'n Metode vir die berekening van die samestelling van hierdie reagense en 'n evaluering van die voorbereide mengsels word gegee deur Johansson en Backen (1974).

Åström (1979) het die beginsel van lineêre respons reagense en vloei-inspuit analise gekombineer deur 'n prosedure vir enkelpunt vloei-inspuit titrasies te beskryf wat toegepas word op die analise van sure en basisse, asook mengsels daarvan. Die invloed van monstergrootte, dispersie, lynlengte en vloeitempo is ondersoek. Daar is gevind dat piekmaksima 'n lineêre funksie van die suur-basis konsentrasie in die gebied 0,01 tot 0,1 $mol \cdot dm^{-3}$ vir monoprotiese en monobasiese sisteme is teen 'n monsternemingstempo van 180 monsters per uur met die relatief standaardafwyking van beter as 1%.

Die toepasbaarheid van bogenoemde beginsel op die komplekse karbonaatsisteem is ondersoek. Hierdie artikel beskryf die resultate van so 'n ondersoek en die praktiese uitvoerbaarheid daarvan as 'n vloei-inspuitprosedure vir die bepaling van totale alkaliniteit in oppervlakte-, grond- en huishoudelike water.

11 / ...

EKSPERIMENTEEL

Apparaat

(i) Monsternemingsklep

'n Carle mikrovolume tweeposisie monsternemingsklep (Carle Katalogusnommer 2014) met twee monsternemingslusse is gebruik. Die klepsisteem is gesinchroniseer met die monsternemingseenheid. 'n Peristaltiese pomp voorsien die draerstroom teen 'n konstante vloeitempo.

(ii) Cenco monsternemer

(iii) Cenco peristaltiese pomp wat teen 10 revolusies per minuut funksioneer.

(iv) Vermengingsisteem (kyk Figuur 2).

(v) Orion model 901 pH meter.

(vi) Schott mikro pH gekombineerde elektrode met tipe N60 silindriese glasmembraan, Ag/AgCl interne verwysingselemente, zero potensiaal pH-waarde = 7, platinum aansluiting, weerstand (R) by 25°C = 600 MΩ, deursnee 3 mm en werkgebied 20 tot 80°C en pH 0 tot 14.

(vii) Cenco registreerder.

Reagense

Analities reagens graad reagense is gebruik, tensy dit ander gespesifiseer is.

(i) Natriumchloriedoplossing

Los 11,688 g natriumchloried in gedistilleerde water op en verdun kwantitatief na 2 dm^3. Dit lewer 'n 0,10 $mol \cdot dm^{-3}$ NaCl-oplossing.

12 / ...

(ii) Stam-bufferoplossing

Berei 'n mengsel wat bestaan uit die volgende bufferkomponente. Los elkeen agtereenvolgens soos hieronder aangedui op in 4 dm^3 van 'n 0,10 $mol \cdot dm^{-3}$ NaCl-oplossing en verdun kwantitatief na 5 dm^3 met 'n 0,10 $mol \cdot dm^{-3}$ NaCl-oplossing.

(a) 1,1135 g soutsuur

(b) 0,8300 g diëtielmalonaat

(c) 42,0980 g sitroensuur

(d) 2,5370 g p-nitrofenol

(e) 31,9310 g diëtielbarbituursuur

(f) 14,7010 g boorsuur

Die samestelling van hierdie mengsel is krities.

(iii) Werkbufferoplossings

Verdun die stam-bufferoplossing tienkeer met 'n 0,10 $mol \cdot dm^{-3}$ NaCl-oplossing. Neem 100 cm^3 van die stamoplossing en verdun kwantitatief na 1 dm^3 met 'n 0,10 $mol \cdot dm^{-3}$ NaCl-oplossing.

(iv) 0,1 $mol \cdot dm^{-3}$ NaOH-oplossing

Los 4 g natriumhidroksied op en verdun kwantitatief na 1 dm^3 met gedistilleerde water. Berg die oplossing in 'n poli-etileenhouer.

(v) 0,1 $mol \cdot dm^{-3}$ soutsuuroplossing

Los 8 cm^3 gekonsentreerde soutsuur (soortlike gewig = 1,19; pro analysi-Merck) in 500 cm^3 gedistilleerde water op. Verdun kwantitatief na 1 dm^3 met gedistilleerde water.

13 / ...

Standaarde

(i) Stam-waterstofkarbonaatoplossing

Los 13,7678 g natriumwaterstofkarbonaat ($NaHCO_3$), gedroog vir 1 uur by 60°C, in gedistilleerde water op. Verdun kwantitatief na 1 dm^3 met gedistilleerde water. Hierdie oplossing bevat 10 mg waterstofkarbonaatione in 1 cm^3.

(ii) Standaard-waterstofkarbonaatwerkoplossings

Berei die volgende reeks standaard werkoplossings in 500 cm^3 volumetriese flesse.

14 / ...

Nommer	Volume stamoplossing (cm^3)	Waterstofkarbonaat ioonkonsentrasie ($mg \cdot dm^{-3}$)
1	1,0	20
2	2,0	40
3	3,0	60
4	4,0	80
5	5,0	100
6	7,5	150
7	10,0	200
8	12,5	250
9	15,0	300
10	17,5	350
11	20,0	400
12	22,5	450
13	25,0	500
14	27,5	550
15	30,0	600
16	32,5	650
17	35,0	700
18	37,5	750
19	40,0	800

Monsterpreservering

Preserveer die monsters met 20 mg Hg(II) per dm^3 monster. Die monsterbottels moet heeltemal gevul wees en moet nie voor die analise oopgemaak word nie.

ANALITIESE VLOEISISTEEM

'n Skematiese diagram van die analitiese vloeisisteem vir die bepaling van totale alkaliniteit verskyn in Figuur 2. Die vermengingsisteem bestaan uit Tygonbuise met 'n binnedeursnee van 0,51 mm. Die buise is as vermengingspoele om 15 mm perspexstawe gedraai. Lynlengtes word in Figuur 2 aangetoon. 'n Cenco peristaltiese pomp wat teen 10 revolusies per minuut funksioneer voorsien die draer en bufferstrome teen konstante vloeitempo's. Monsters van 'n outo= matiese Cenco monsternemer word outomaties met behulp van 'n 28 µℓ monsterlus in die draerstroom ingelaat. 'n 30 Sekonde monstersiklus word tussen opeenvolgende monsters gehandhaaf. Dit gee 'n analisefrekwens van 120 monsters per uur. Die monsternemingsklepsisteem skakel elke 28 sekondes nadat die monsternemer na die volgende monster beweeg het. Die klepsisteem is gesinchroniseer met die monsternemingseenheid.

Die analitiese vloeisisteem word, nadat die werksvrag monsteranalises voltooi is, eers vir 10 minute met 0,1 $mol \cdot dm^{-3}$ NaOH-oplossing, dan vir 10 min. met 0,1 $mol \cdot dm^{-3}$ HCl-oplossing en finaal vir 10 minute met water gespoel. Dit is nodig omdat die buffermengsel tesame met die NaCl-oplossing 'n neerslag in die buisies mag vorm wanneer dit oornag staan.

RESULTATE EN BESPREKING

In die bepaling van totale alkaliniteit in water met vloei-inspuit analise beïnvloed die bufferkapasiteit van die vloeistroom in die deurvloeidetektor die lineariteit van die bepaling. Die bufferkapasiteit is 'n funksie van die bufferkonsentrasie. Die bufferkonsentrasie in die omgewing van die deurvloei= detektor word deur die draerstroomvloeitempo, bufferstroomvloeitempo en die

reagensbottel se bufferkonsentrasie beheer. Gevolglik is daar besluit om eers die konsentrasies van die verskillende komponente in die bufferoplossing wat in die reagensbottel teenwoordig is te optimiseer.

Johansson en Backen (1974) het gevind dat dit moontlik is om 'n mengsel van swak sure te berei wat feitlik 'n lineêre verband tussen die hoeveelheid basis in die monster en die pH verskaf vir eenvoudige sisteme. Samevattend kom dit kortliks op die volgende neer. 'n Deel van die titrasiekromme van 'n swak suur teen 'n sterk basis is lineêr soos aangetoon in Figuur 3. Soortgelyk sal die titrasiekromme van 'n mengsel van swak sure teen 'n sterk basis gedeeltelik lineêr wees. Vanuit laasgenoemde kromme is dit moontlik om die hoeveelheid basis in 'n monster grafies te bepaal. Eksperimenteel impliseer dit die byvoeging van 'n monster by 'n mengsel van die sure en die aflees van die pH vanuit die kromme. Indien die kalibrasiekromme meer gelineariseer kan word tot 'n reguit lyn, sal evaluering van die resultate verder vereenvoudig. Die eerste stap in hierdie proses was om 'n verband tussen die konsentrasie van 'n basis, b, en die pH (of die waterstofioonkonsentrasie) in 'n gemengde oplossing te herlei. Dit is die omgekeerde van die berekening van pH in 'n mengsel van swak sure en 'n sterk basis. Vir 'n dibasiese suur, H_2A, kan die volgende toestande neergeskryf word.

$$b + [H^+] = [OH^-] + [HA^-] + 2\,[A^{2-}] \qquad \text{----- (1)}$$

$$A_{tot} = [H_2A] + [HA^-] + [A^{2-}] \qquad \text{----- (2)}$$

$$[HA^-] = K_1[H_2A]/[H^+] \qquad \text{----- (3)}$$

$$[A^{2-}] = K_1K_2[H_2A]/[H^+]^2 \qquad \text{----- (4)}$$

$$[OH^-] = K_w/[H^+] \qquad \text{----- (5)}$$

17 / ...

Vergelykings (3) en (4) is alleen geldig indien die ioonsterkte konstant gehou word. Die beste akkuraatheid kan verkry word indien die beskikbare pH gebied gelykmatig bedek word met swak sure sodat die verband tussen pH en b 'n reguit lyn is. Die verband kan beskryf word deur die vergelyking

$$pH = k \cdot c + \ell$$

waar ℓ die snypunt op die pH-as is indien geen basis bygevoeg is nie, k is die helling van die lyn en c is 'n basisveranderlike vir 'n wiskundige lineêre geval. Soos gesien kan word uit die vergelyking is k die inversie van β die bufferkapasiteit, sodat 'n mengsel wat hierdie verband aantoon 'n konstante bufferwaarde oor 'n sekere pH-gebied handhaaf. Indien k verander, verander die bufferkapasiteit. Die helling en die snypunt op die pH-as word arbitrêr gekies. Die verband tussen c en b (Johansson en Backen, 1974) word in Figuur 4 aangetoon. Johansson en Backen het van matriksalgebra gebruik gemaak waar integrasie van die elemente uitgevoer is oor die pH-gebied waar linearisasie verlang word.

Deur van die teoretiese aanvoorwerk van Johansson en Backen (1974) gebruik te maak, was Åström (1977, 1978, 1979) in staat om 'n rekenaarprogram in FORTRAN te ontwikkel vir die evaluering en berekening van die individuele suurkonsentrasies in so 'n mengsel sodat 'n teoretiese lineêre titrasiekromme verkry kon word. Die program is eksperimenteel deur Åström aangewend vir die eksperimentele bepaling van eenvoudige suur-basissisteme met behulp van enkelpunttitrasies. Die outeurs (Johansson en Backen, 1974; Åström, 1977, 1978, 1979) het egter gevind dat daar sekere kriteria is waaraan so 'n suur=mengsel sowel as die eksperimentele prosedure moet voldoen voor die sukses=volle implementering in 'n enkelpunttitrasie. Van die belangrikste vereistes is dat

18 / ...

(i) die reagens 'n hoë inerte elektrolietkonsentrasie moet bevat

(ii) die suurmengsel aan so min syreaksies (kompleksvorming, presipitasie en redoksreaksies) as moontlik onderworpe moet wees

(iii) alle basisse volledig geprotoneer moet kan word.

Daar is gevind dat veral die laaste twee vereistes probleme skep by die linearisering van so 'n titrasiekromme vir die komplekse karbonaatsisteem. Die kompleksiteit van die karbonaatsisteem blyk duidelik uit Figuur 5 waar die verband tussen die alkaliniteit- en asiditeittitrasieskrommes sowel as die ooreenstemmende pC-pH-diagram aangedui word. Daar is gevind dat die direkte toepassing van die Åström-sisteme nie op die komplekse karbonaatsisteem funksioneer nie. Met die kompleksiteit van die karbonaatsisteem in sy totaliteit in ag geneem, is die volgende werkswyse gevolg by die optimisering van die konsentrasies van die verskillende komponente in die buffersisteem.

Die eerste stap was om die rekenaarprogram in FORTRAN wat van Åström (1977) ontvang is aan te pas by die IBM 4341 stelsel wat by die Universiteit van Pretoria in gebruik is. Tweedens moes die kompleksiteit van die karbonaatsisteem in ag geneem word. Omdat die karbonaatsisteem wesentlik 'n ewewigsisteem van verskeie swaksuur-swakbasissisteme is, was die korrekte keuse van die verskillende komponente van die buffersisteem 'n kritiese faktor. Dit was nodig om die verskillende komponente sodanig te evalueer en te optimiseer dat newereaksies tot 'n minimum beperk word, die hoofreaksie-ewewig voldoende plaasvind sodat 'n realistiese meetbare gevoeligheid verkry kon word wat ook gepaard sou gaan met lineariteit.

Åström (1978, 1979) het aangetoon dat indien die lineêre bufferoplossing vir enkelpunttitrasie verdun word, die verband tussen konsentrasie en pH steeds

19 / ...

lineêr bly en dus steeds analities gebruik kon word, alhoewel die oor=spronklike helling nie behoue bly nie. Voorlopige eksperimente het aange=toon dat dit nie geld in die bepaling van totale alkaliniteit nie.

Met al bogenoemde faktore in ag geneem, is verskeie buffersisteme geëvalueer en ge-optimiseer totdat 'n geskikte buffersamestelling gevind is.

Vir die enkelpunttitrasie van die alkaliniteitsmonster met die lineêre buffermengsel, word 'n sekere reaksietydsverloop benodig om reaksie-ewewig te bereik en is 'n sekere graad van vermenging nodig vir hoë presisie. Deur die totale dispersie van die ingespuite monstersone te beheer, kon aan boge=noemde vereistes voldoen word. Dit is verkry deur die evaluering en optimisering van die lynlengtes, buisdeursnee, draerstroom- en bufferstroomvloeitempo's asook die verhouding van die draerstroom- tot bufferstroomvloeitempo's en monstervolume. Verdunning van die buffermengsel het ook 'n belangrike bydrae gelewer by die optimisering van bogenoemde parameters. Bogenoemde parameters is egter almal interafhanklik, gevolglik moes 'n tipe van simpleksoptimisering by die voorlopige evaluering toegepas word. Lynlengte, buisdeursnee en draer=stroomvloeitempo beïnvloed nie net die presisie en lineariteit nie, maar ook die analisefrekwens van die bepaling. Daar is gevind dat 'n buisdeursnee van 0,51 mm en 'n lynlengte van 250 cm die beste resultate lewer ten opsigte van presisie en analisefrekwens. Resultate het verder getoon dat 'n draerstroom=vloeitempo van 3,9 $cm^3 \cdot min^{-1}$ en 'n bufferstroomvloeitempo van 0,8 $cm^3 \cdot min^{-1}$ die beste kontinue verdunning, analisefrekwens, lineariteit en presisie lewer. Indien die verhouding tussen die draerstroom- en bufferstroomvloeitempo vergroot word, lei dit effektief tot 'n groter verdunning van die buffermengsel in die vermengingsisteem. Gevolglik neem die gevoeligheid van die sisteem toe, maar die lineariteit van die kalibrasiekromme verswak drasties.

20 / ...

Verdere verhoging van die draerstroomvloeitempo verlaag die presisie, terwyl drukprobleme in die buise ontstaan wat gepaard gaan met lekkasies wat ontstaan en buise wat afspring. Dienooreenkomstig neem die gevoeligheid van die sisteem af indien die verhouding tussen draerstroom- en bufferstroom= vloeitempo's verklein word. Terselfdertyd neem die analisefrekwens af indien die draerstroomvloeitempo verlaag word.

Monstervolume en verdunning van die oorspronklike bufferkonsentrasie (soos teoreties bereken vir elke individuele komponent van die mengsel) beïnvloed ook lineariteit en presisie. In die geval van lineariteit is gevind dat die monstervolume en verdunning interafhanklik en 'n kritiese faktor is. Gevolglik is die invloed van verdunning op monstervolume ondersoek. Dit is herhaal vir 'n paar monstervolumes. Die resultate verskyn in Figure 6, 7, 8, 9 en 10. Die verdunnings wat in die verskillende figure gebruik is, is verdunning van die konsentrasie van die buffersisteem soos oorspronklik teoreties bereken is. Uit die figure blyk die volgende algemene tendense duidelik. Die vloei-inspuit analitiese titrasiekromme is nêrens heeltemal lineêr nie. Die lineariteit verswak met toenemende verdunning. Verder word gevind dat die bufferkapasiteit vir die hoë alkaliniteitswaardes nie voldoende is by verdunnings vanaf 1:40 tot 1:80 nie, veral vir monstervolumes van 46 µℓ en 70 µℓ. By 24 µℓ is die gevoeligheid van die sisteem vir die beste lineêre titrasiekromme (1:40 verdunning) baie laag sodat die presisie verswak. By 46 µℓ en 70 µℓ is die presisie ook swak vanweë die lengte en straal van die monsterskyf wat in die sisteem ingespuit word. Monsteroordrag kom ook voor. Dit is ook duidelik dat die lineariteit wat aanvanklik swak is, baie afneem met toenemende verdunning, veral by die lae en hoë alkaliniteits= waardes. Daar is gevind dat 'n monstervolume van 28 µℓ en 'n verdunning van 1:20 van die oorspronklike buffermengsel die beste lineariteit, presisie en

21 / ...

analisefrekwens lewer. (Vir die stam-bufferoplossing soos dit onder eksperi=menteel uiteengesit is, is dit 'n tienvoudige verdunning).

Die resultate van 'n reeks totale alkaliniteit standaardoplossings, vier=voudig elk ge-analiseer, verskyn as 'n tipiese verteenwoordigende strookkaart registreerderuitdruk in Figuur 11. Die analisetempo is 120 monsters per uur. Die uittreësein van die pH-meter word op 'n tweepen-registreerder in twee verdeel sodat hoë sowel as lae totale alkaliniteitswaardes met dieselfde vloei-inspuitsisteem terselfdertyd bepaal kan word. Die 10 mV-instelling van die registreerder word vir lae totale alkaliniteitswaardes (0 tot 300 $mg \cdot dm^{-3}$ waterstofkarbonaat) gebruik, terwyl die 20 mV-instelling vir die hoë waardes (300 tot 800 $mg \cdot dm^{-3}$ waterstofkarbonaat) geskik is. 'n Kalibrasie=kromme, wat beide gebiede aantoon, verskyn in Figuur 12.

Die invloed van monsteroordrag is geëvalueer deur analises na willekeur uit te voer (kyk Figuur 13). Dit blyk duidelik dat die oordrag van een monster na 'n tweede minimaal is (kleiner as 0,5%). Geen noemenswaardige basislyndryf vir die meer as 160 bepalings (oor 'n tydperk van langer as 1 uur) soos aangetoon in Figuur 13 is ondervind nie.

Die presisie van die metode is op standaarde (Tabel 1) en op standaardmonsters getoets (Tabel 2). Die standaardafwyking is minder as 0,8% vir 16 toetse op elke watermonster.

Om die akkuraatheid van die voorgestelde VIA-metode te toets, is 'n reeks monsters ge-analiseer en die resultate vergelyk met dié wat verkry is met die elektrometriese metode (Standard Methods for the Examination of Water and Wastewater, 1980; - American Society for Testing an Materials, 1975) en

22 / ...

'n outomatiese bromokresolindikatormetode. Die voorgestelde VIA-metode vergelyk verder gunstig met 'n standaard elektrometriese metode en in sommige gevalle is beter resultate verkry met die standaard elektrometriese metode as wat die geval met die bromokresolmetode was. (Kyk Tabel 2). Dit is moontlik weens steurings alreeds genoem (byvoorbeeld kleursteurings) wat in die monsters aanwesig mag wees. Die akkuraatheid van die voorgestelde metode is ook getoets deur die standaard addissiemetode. Bekende hoeveelhede totale alkaliniteit is by watermonsters gevoeg en die resultate voor en na addissie is verwerk. Die waardes wat verkry is deur die voorgestelde metode en deur die standaard addissiemodifikasie verskyn in Tabel 3. Dit blyk duidelik dat die herwinbaarheid voldoende is. Die herwinbaarheid van die voorgestelde metode oor vyf dae is ook getoets. Kontrole monsters is oor 'n tydperk van vyf dae teen standaardoplossings geëvalueer. Herwinbaarheid was beter as 99%. Die resultate het egter getoon dat die waardes van sommige monsters wel betekenisvol kan wissel indien die monsterbottels te veel oop= gelaat en aan die atmosfeer blootgestel word.

SLOTSOM

Die VIA-metode wat hier beskryf word, is geskik vir die bepaling van totale alkaliniteit teen 'n tempo van 120 monsters per uur met 'n variasiekoëffisiënt van beter as 0,8%.

ERKENNING

Hierdie projek is uitgevoer met finansiële ondersteuning van die Waternavorsingskommissie, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en die Universiteit van Pretoria.

24 / ...

VERWYSINGS

American Society for Testing and Materials (1975) *Book of ASTM Standards, Part 31, Water*, ASTM, Philadelphia. 111-119.

Åström, O. (1977). Single-point Titrations. Part 2. Experimental Determination of Bases. *Anal. Chim. Acta* 88 17

Åström, O. (1978). Single-point Titrations. Part 3. Experimental Determination of Acids. *Anal. Chim. Acta* 97 259.

Åström, O. (1979). Single-point Titrations. Part 4. Determination of Acid and Bases with Flow Injection Analysis. *Anal. Chim. Acta.* 105 67.

Blaedel, W J en Laessig, R H (1964). Continuous Automated, Buretless Titrator with Direct Readout. *Anal. Chem.* 36 1617.

Blaedel, W J en Laessig, R H (1965). Continuous Titrations with a Tubular Mercury-EDTA Electrode. *Anal. Chem.* 37 332.

Blaedel, W J en Laessig, R H (1965). Continuous EDTA Titrations with a Dropping Mercury Electrode. Automated Titrations Based on Nonsymmetrical Curves. *Anal. Chem.* 37 1255.

Blaedel, W J en Laessig, R H (1965). Continuous Back-Titrations with Direct Readout. Application to EDTA Systems. *Anal. Chem.* 37 1651.

Blaedel, W J en Laessig, R H (1966). Continuous EDTA Titrations at Low Concentrations. *Anal. Chem.* 38 186.

Havas, J (1975). Procedure for direct potentiometric determination of acid and base concentrations. *Magy. Kém. Folyóirat.* 81 426.

25 / ...

Johansson, G en Backen, W. (1974) Single-point Titrations. Part 1. The determination of Bases. *Anal. Chim. Acta.* 69 415.

Leithe, W. (1964). Automatische Säure/Base-Bestimmungen durch potentiometrische Einpunk-Titration *Chemie-Ing-Tech.* 36 112.

Růžička, J, Hansen, E H en Mosbaek, H. (1977) Flow Injection Analysis. Part IX. A New Approach to Continuous Flow Titrations. *Anal. Chim. Acta* 92 235.

Standard Methods for the Examination of Water and Wastewater (1980) 15de Uitgawe. APHA-AWWA-WPCF. Washington. 253-257.

Stewart, K K (1981). Automated titrations: The use of automated multiple flow injection analysis for the titration of discrete samples. *Journal of Automatic Chemistry.* 3 30.

Van Staden, J F (1983). Vloei-inspuit turbidimetriese analise van sulfaat. Deel 1. Outomatiese voorklepfiltrasie met geaktiveerde koolstoffiltreer= papier. *Water SA.*

Van Staden, J F en Van Vliet, H F (1983). Vloei-inspuit analise vir die totale alkaliniteit in oppervlakte-, grond- en huishoudelike water volgens die geoutomatiseerde bromokresolgroen metode. *Water SA.*

Willis, R B en Mullins, G L (1983). Automated Analysis for Water Alkalinity. *Anal. Chem.* 55 1173.

26 / ...

TABEL 1

Resultate van die presisietoets vir die voorgestelde VIA metode soos uitgevoer op 'n reeks standaardoplossings

Monster	Waterstofkarbonaatkonsentrasie as $mg \cdot dm^{-3}$	Standaard= [a] afwyking %
1	20	0,79
2	40	0,77
3	60	0,76
4	80	0,74
5	100	0,73
6	150	0,70
7	200	0,70
8	250	0,68
9	300	0,67
10	350	0,61
11	400	0,57
12	450	0,56
13	500	0,54
14	550	0,52
15	600	0,47
16	650	0,44
17	700	0,38
18	750	0,32
19	800	0,29

[a]Vir 16 toetse in elke geval.

VIA = vloei-inspuitanalise

27 / ...

TABEL 2

Vergelykking van resultate verkry met 'n standaard outomatiese gesegmenteerde metode, die elektrometriese metode en die voorgestelde VIA-metode.

Monster	Outomatiese gesegmenteerde metode $[HCO_3^-]$ in $mg \cdot dm^{-3}$	Elektrometriese metode $[HCO_3^-]$ in $mg \cdot dm^{-3}$	VIA-metode $[HCO_3^-]$ in $mg \cdot dm^{-3}$	Standaard= [a] afwyking %
1	27	27	27	0,78
2	7	8	8	0,80
3	6	9	8	0,80
4	15	16	16	0,79
5	13	14	14	0,82
6	9	11	12	0,79
7	57	61	62	0,75
8	61	64	68	0,74
9	31	30	29	0,77
10	39	36	37	0,76
11	59	128	136	0,71
12	79	137	148	0,69
13	122	151	160	0,70
14	34	37	38	0,76
15	105	121	124	0,72
16	158	199	196	0,70
17	189	237	242	0,66
18	58	64	62	0,76
19	264	281	276	0,67
20	462	489	499	0,54
21	46	53	48	0,76
22	267	291	288	0,69
23	41	41	42	0,76
24	421	435	432	0,57
25	357	344	348	0,60
26	49	46	48	0,77
27	295	291	296	0,66
28	671	644	637	0,45
29	465	497	490	0,53
30	48	48	48	0,77

[a]Gemiddelde resultaat van 16 toetse in elke geval

VIA = vloei-inspuitanalise

28 / ...

TABEL 3

Vergelyking van resultate verkry met die voorgestelde VIA-metode sonder en met die standaard addissiemetode.

Monster	VIA sonder standaard addissie	VIA met standaard addissie	Herwinbaarheid (%)
1	48	47	97,9
2	27	27	100,0
3	490	486	99,2
4	637	631	99,1
5	348	354	101,7
6	276	272	98,6
7	160	159	99,4
8	196	189	96,4
9	62	61	98,4
10	37	38	102,7

VIA = vloei-inspuitanalise

29 / ...



Figuur 1. Alkaliniteittitrasiekromme. Gebied a dui die hoeveelheid H^+-ione aan wat nodig is om die OH^--ione te neutraliseer en CO_3^{2-}- na HCO^--ione om te skakel. Gebied b dui die hoeveelheid H^+-ione aan wat nodig is om HCO_3^--ione na H_2CO_3 om te skakel.



Figuur 2. Vloeidiagram vir totale alkaliniteit. Analisefrekwens 120 monsters per uur. Buislengte en -binnedeursnit word respektiewelik in cm en mm gegee.



Figuur 3. Titrasiekromme vir die titrasie van 'n swak monoprotiese suur met 'n sterk basis.



Figuur 4. Die verband tussen 'n wiskundig berekende lineêre veranderlike c en 'n eksperimenteel fisies verkrygbare veranderlike b.



Figuur 5. Verband tussen die pC-pH-diagram en die titrasie-kromme vir die karbonaatsisteem by 25°C.



Figuur 6. Invloed van monstervolume en verdunning op lineariteit.

Monstervolume = 24 µℓ

Draerstroomvloeitempo = 3,90 $cm^3 \cdot min^{-1}$

Bufferstroomvloeitempo = 0,80 $cm^3 \cdot min^{-1}$

Lynlengte = 250 cm. Buisdeursnee = 0,51 mm.



Figuur 7. Invloed van monstervolume en verdunning op lineariteit Monstervolume = 28 µℓ. Draerstroomvloeitempo = 3,90 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Bufferstroomvloeitempo = 0,80 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Lynlengte = 250 cm. Buisdeursnee = 0,51 mm.



Figuur 8. Invloed van monstervolume en verdunning op lineariteit. Monstervolume = 32 µℓ. Draerstroomvloeitempo = 3,90 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Bufferstroomvloeitempo = 0,80 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Lynlengte = 250 cm. Buisdeursnee = 0,51 mm.



Figuur 9. Invloed van monstervolume en verdunning op lineariteit. Monstervolume = 46 µℓ. Draerstroomvloeitempo = 3,90 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Bufferstroomvloeitempo = 0,80 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Lynlengte = 250 cm. Buisdeursnee = 0,51 mm.



Figuur 10. Invloed van monstervolume en verdunning op lineariteit. Monstervolume = 70 µℓ. Draerstroomvloeitempo = 3,90 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Bufferstroomvloeitempo = 0,80 $cm^3 \cdot min^{-1}$. Lynlengte = 250 cm. Buisdeursnee = 0,51 mm.



Figuur 11. Tipiese registreerder strookkaartuitdruk vir 'n reeks totale alkaliniteit standaardoplossings. Uittreësein van pH-meter verdeel om sowel lae as hoë waardes te registreer. Die getalle op die pieke dui die totale alkaliniteit as mg. per dm^3 waterstofkarbonaat aan.



Figuur 12. Kalibrasiekromme.



guur 13. Invloed van monsteroordrag en basislyndryf. Tipiese registreerder= uitdruk vir 'n verteenwoordigende lopie van 'n aantal standaarde en monsters. Die getalle op die pieke dui die totale alkaliniteit as $mg \cdot dm^{-3}$ waterstofkarbonaat aan.

Fresenius Z. Anal. Chem. 310, 239–242 (1982)

Fresenius Zeitschrift für

Automated Turbidimetric Determination of Sulphate in Surface, Ground and Domestic Water by Flow-Injection Analysis

Jacobus F. van Staden

Dept. of Chemistry, Univ. of Pretoria, Pretoria 0002, South Africa

Automatisierte turbidimetrische Bestimmung von Sulfat in Oberflächen-, Grund- und Leitungswasser mit Hilfe der Fließ-Injektions-Analyse

Zusammenfassung. Eine automatisierte einfache Modifikation der turbidimetrischen Sulfatbestimmung in Oberflächen-, Grund- und Leitungswasser mit Hilfe der Fließ-Injektion wird beschrieben. Dabei wird die eine Schleife eines Zweierventils zur Entnahme einer alkalischen EDTA-Pufferlösung, die andere Schleife damit abwechselnd für die Wasserproben verwendet. Dadurch wird ein Niederschlag, der sich an den Wänden der Durchflußzelle ansetzt, aufgelöst und somit das System sauber gehalten. Das Verfahren eignet sich zur Sulfatanalyse mit einer Geschwindigkeit von 60 Proben je Stunde bei einem Variationskoeffizient von $< 0{,}95\,\%$.

Summary. A simple, modified, automated method for the turbidimetric determination of sulphate in surface, ground and domestic water, based on the principles of the flow-injection technique, is described. The one loop of a two-position sampling valve is used to sample an alkaline buffer-EDTA solution, alternated with water samples on the other loop. This ensures that the residual precipitate, coating the walls of the flowcell, is redissolved and the system kept clean. The method is suitable for the analysis of sulphate at a rate of up to 60 samples per hour with a coefficient of variation of better than 0.95 %.

Key words: Best. von Sulfat in Wasser; Turbidimetrie; Fließ-Injektion

Introduction

Flow-injection analysis (FIA), introduced in 1975 by Růžička and Hansen [5], is a simple and convenient concept of continuous flow analysis. The advantages of this technique have been discussed in comprehensive reviews presented by Růžička and Hansen [6, 7] and Betteridge [3].

Krug et al. [4] van Staden et al. [2, 8] described methods for the determination of sulphate by measuring the turbidity of a barium sulphate suspension colorimetrically using the concept of flow-injection analysis. One of the problems associated with this method, is the build-up of barium sulphate precipitate in the flow system which tends to settle in the flowcell. This leads to low precision and ultimately blocks the manifold. The addition of an alkaline buffer-EDTA solution to redissolve the accumulated barium sulphate precipitate is one way of overcoming this problem.

Recently Betteridge et al. [1] described a method for the determination of sulphate by using a carrier solution of barium(II) ions with an excess of EDTA at pH 10, whereas the sample is acidic. The aim in water laboratories are to use undiluted water samples where possible. Due to this it is not always possible to acidify samples before analysis.

This paper reports a flow-injection procedure in which one sampling loop of a two-position sampling valve is used to sample an alkaline buffer-EDTA solution, alternated with water samples sampled on the other loop obviating acidification of water samples and reducing baseline drift.

Experimental

Apparatus

(i) Sampling Valve. A Carle microvolume two-position sampling valve (Carle Cat. No. 2014) with two sampling loops was used. Water samples were constantly sampled by the one 60 µl loop, which were alternated by using the other 100 µl loop constantly to sample an alkaline buffer-EDTA solution.

The carrier stream was supplied by a peristaltic pump and the valve system was synchronised with the sampler unit.

0016-1152/82/0310/0239/$01.00



Fig. 1. Manifold and flow diagram. Tube inside diameter = 0.51 mm. Tube length given in cm as indicated. Valve loops size 60 µl for water samples and 100 µl for buffer-EDTA solution

(ii) Cenco sampler.

(iii) Cenco peristaltic pump operating at 10 rev. per minute.

(iv) Manifold (see Fig. 1).

(v) Spectrophotometer. Bausch and Lomb Spectronic 21 DV spectrophotometer (Rochester, New York) equipped with a 10 mm Helma type flow-through cell (volume 80 µl) and the sensitivity switch selected to high sensitivity.

(vi) Recorder. Mettler Model GA 12 with a recorder range of 500 mV and recorder paper speed of 30 cm/h.

Reagents

All reagents are prepared from analytical reagent quality grade unless otherwise specified.

(i) Barium Chloride Solution. Dissolve 0.20 g of thymol crystals with stirring in 500 ml of 0.005 mol · l^{-1} hydrochloric acid solution at a temperature of about 80°C. Cool to 40°C and add 1,500 ml of 0.005 mol · l^{-1} hydrochloric acid solution. Add 4 g of gelatin very slowly and swirl until dissolved. When dissolved, add 20 g of barium chloride dihydrate and dissolve. Filter, if necessary.

(ii) Buffer Solution. Dissolve 40 g of EDTA (disodium salt), 7 g of ammonium chloride and 57 ml of concentrated ammonia solution (sp. gr. 0,88) in 500 ml of distilled water. Dilute to 1 l with distilled water.

(iii) Standard Sulphate Solution. A stock solution containing 1,000 mg · l^{-1} of sulphate is prepared by dissolving 1.4787 g of anhydrous sodium sulphate, dried at 120°C for 2 h, in distilled water and diluting to 1 l. Working standard solutions in the range of 50–200 mg · l^{-1} are prepared by suitable dilution of the stock solution.

Procedure

A schematic flow diagram for the determination of sulphate is shown in Fig. 1. The manifold consists of Tygon tubing with an inside diameter of 0.51 mm cut into the required lengths and wound around suitable glass tubes with an outside diameter of 15 mm.

A barium chloride reagent carrier stream was provided at a constant flow rate of 3.9 ml · min^{-1} by means of a peristaltic pump. Samples from an automated sampler were injected automatically from a 60 µl sampling loop into the reagent stream by means of a Carle micro-volume two-position sampling valve. This was alternated by injecting automatically 100 µl of alkaline buffer-EDTA solution into the reagent stream from the other sampling loop. The above mentioned process is achieved by placing the water samples in every second cup of the automated sampler, alternating the samples by placing alkaline buffer-EDTA solution in the cups between samples. A 30 s sampling cycle is used between sampling a water sample and sampling buffer-EDTA solution giving the system a total sampling capacity of 120 per hour. This means a sampling capacity of 60 water samples per hour. The valve system is actuated on a time basis which is correlated with the sampler unit. The sampling valve actuates every 28 s after movement of the sampler to the next sample.

Results and Discussion

A typical representative strip-chart recorder output at a sampling rate of 60 actual water samples per hour is illustrated in Fig. 2. The negative peaks between samples are due to the alternative sampling of alkaline buffer-EDTA solution. The analysis were performed in a random order, to test carry-over effects. Carry-over from one sample to another is neglible. No baseline drift was experienced.



Fig. 2. Recorder tracing for the flow-injection determination of sulphate in water. Recorder paper speed 30 cm/h. Recorder range 500 mV. Sulphate concentrations in $mg \cdot l^{-1}$. Negative peaks due to alkaline buffer-EDTA solution sampled

Table 1. Reproducibility test on a series of standard sulphate solutions

Theoretical mg sulphate/ l^{-1}	Number of tests	Coefficient of variation %
50	10	0.95
75	10	0.87
100	10	0.90
125	10	0.66
150	10	0.46
175	10	0.42
200	10	0.69

Table 2. Performance of the proposed FIA-method for sulphate

Sample	Number of tests	Automated segmented method. Sulphate concentration in $mg \cdot l^{-1}$	FIA-method. Sulphate concentration in $mg \cdot l^{-1}$	Coefficient of variation
1	10	92	95	0.81
2	10	149	154	0.71
3	10	137	135	0.91
4	10	103	104	0.43
5	10	184	179	0.61
6	10	105	101	0.49
7	10	173	174	0.51
8	10	59	63	0.93
9	10	196	187	0.46
10	10	54	49	0.84
11	10	564[a]	551[a]	0.79
12	10	1,351[a]	1,377[a]	0.57

[a] Water samples diluted to be in analyzing range

The reproducibility of the proposed method was tested on standard sulphate solutions (Table 1) and water samples (Table 2). The coefficient of variation for standard sulphate solutions and for water samples having different concentrations of sulphate, is less than 0.95% on 10 tests of each sample.

The proposed FIA-method compares favourably with the standard automated segmented method as seen from Table 2.

Conclusion. The flow-injection procedure described here is suitable for carrying out sulphate analysis at a rate of approximately 60 water samples per hour. Baseline drift can be eliminated by alternatively sampling an alkaline buffer-EDTA solution.

Acknowledgements. The author expresses his gratitude for financial support to the Council for Scientific and Industrial Research, Pretoria, and to the University of Pretoria, and also to the Hydrological Research Institute, Pretoria, for supplying the analyzed samples.

References

1. Baban, S., Beetlestone, D., Betteridge, D., Sweet, P.: Anal. Chim. Acta **114**, 319 (1980)
2. Basson, W. D., van Staden, J. F.: Lab. Practice **27**, 863 (1978)
3. Betteridge, D.: Anal. Chem. **50**, 832A (1978)
4. Krug, F. J., Bergamin, F. H., Zagatto, E. A. G., Jorgenson, S. S.: Analyst **102**, 503 (1977)
5. Růžička, J., Hansen, E. H.: Anal. Chim. Acta **78**, 145 (1975)
6. Růžička, J., Hansen, E. H.: Anal. Chim. Acta **99**, 37 (1978)
7. Růžička, J., Hansen, E. H.: Chemtech 756 (December 1979)
8. van Staden, J. F., Basson, W. D.: Lab. Practice **29**, 1279 (1980)

Received April 29, 1981

Fresenius Z Anal Chem (1982) 312:438–440

Fresenius Zeitschrift für

Automated Prevalve Sample Filtration in Flow Injection Analysis: Determination of Sulphate in Water Removing Suspended Solids and Colour Before Sampling*

Jacobus F. van Staden

Department of Chemistry, University of Pretoria, 0002 Pretoria, South Africa

Automatische Filtration vor dem Probeneinlaßventil in der Fließ-Injektionsanalyse: Entfernung von Festsubstanzen und Farbstoffen bei der Sulfatbestimmung in Wasser

Zusammenfassung. Suspendierte Feststoffe, organische Substanzen und Farbstoffe stellen die Hauptstörquellen bei der turbidimetrisch-spektralphotometrischen Sulfatbestimmung bei 420 nm dar. Bei dem vorgeschlagenen Fließ-Injektionsverfahren werden diese Störungen automatisch mit Hilfe eines Aktivkohlefilters entfernt, das zwischen Probengeber und Probenventil angeordnet ist. Mit dem vorgeschlagenen System werden die gleichen Ergebnisse erhalten wie mit einer Standardmethode sowie einem Segmentierungsverfahren mit manueller Entfernung der Störungen vor der Probeneingabe. Die neue Methode eignet sich für die Sulfatbestimmung in Oberflächen-, Grund- und Haushaltswasser bis zu 200 mg/l bei einer Geschwindigkeit von 60 Proben je Stunde. Der Variationskoeffizient ist besser als 1 %.

Summary. Suspended solids and the presence of organic substances and colour are the main interferences in the turbidimetric spectrophotometric determination of sulphate at 420 nm in water. An automated flow-injection procedure is proposed in which these interferences are automatically removed by using an active carbon filter, which is incorporated in the flow system between the sampler and the sampling valve system. With this automated prevalve sample filter the proposed turbidimetric method gives the same results as a standard flow injection and an automated segmented method where the above mentioned interferences are manually removed prior to sampling. The method is applicable for the analysis of sulphate in surface, ground and domestic waters in the concentration range up to 200 mg/l at a sampling rate of up to 60 samples per hour with a coefficient of variation of better than 1 %.

Introduction

A substantial number of water samples are analysed each year world-wide to determine various constituents, including sulphate. The normal range for sulphate in surface, ground and domestic waters is in the concentration range of up to 200 mg/l. The limited number of samples above this concentration range are manually diluted before analysis. For the routine analysis of sulphate, the automated flow injection turbidimetric determination, previously described [1], should be very attractive, providing a concentration range of up to 200 mg/l and a sampling rate of up to 60 samples per hour.

In the turbidimetric determination of sulphate, the sulphate ions are converted to an insoluble barium sulphate suspension in a gelatin-thymol medium. The degree of suspension is controlled by several factors and therefore the concentrations related to reagents and precautions preparing the reagents must be strictly followed. Hydrochloric acid is added to the barium chloride carrier solution to prevent the formation of a precipitate of barium sulphite which may interfere. Furthermore, the hydrochloric acid prevents the precipitation of carbonate, chromate, phosphate and oxalate of barium.

The build-up of barium sulphate precipitate in the flow system is one of the problems associated with this method. This leads to low precision and ultimately blocks the manifold. This is avoided [1] by using a procedure in which one of the sampling loops of a two-position sampling valve is used to sample an alkaline buffer-EDTA solution, alternated with water samples sampled from the other loop.

Suspended solids and the presence of organic substances are a real problem which interferes in the turbidimetric determination of sulphate at 420 nm in surface, ground and domestic waters. Furthermore, suspended solids tend to settle in the flow system and valve loops which leads to changing characteristics associated with the flow system. This causes low precision and sometimes blocks the manifold system entirely.

Slanina et al. [2] describe a method using active carbon as a selective filter for organic substances in their fast determination of nitrate in rain and surface waters by means of UV spectrophotometry. In this method the active carbon filter forms part of the manifold system. This idea was tested in the flow injection determination of sulphate, but was not successful due to the following problems: suspended solids still tend to settle in the valve loops and sometimes block the manifold system, and the whole flow injection analysis system is disrupted, when the active carbon filter has to be replaced.

It was obvious that the best way to solve this problem was the incorporation of the active carbon filter as an automated prevalve filter in the flow injection system. This paper therefore reports the application of an active prevalve carbon

* Part of this paper was presented by J. F. van Staden at the 182nd ACS National Meeting, New York, N.Y., 23–28 August 1981; Division of Analytical Chemistry; Section A. Symposium on flow injection and other unsegmented continuous-flow sample processing systems. Abstract No. 23

0016-1152/82/0312/0438/$01.00



Fig. 1. Schematic flow diagram for the determination of sulphate in surface, ground and domestic waters using automated prevalve sample treatment to remove suspended solids and colour before sampling. Valve loop sizes: 60 µl water samples injected by one loop alternated with 100 µl buffer-EDTA solution from the other loop. Sampling rate: 60 water samples per h. Tube length and i.d. are given in cm and mm, respectively

filter for the turbidimetric determination of sulphate in surface, ground and domestic waters.

Experimental

Apparatus

(i) Active Carbon Filter. A 12 cm Tygon tube with an inside diameter of 2.06 mm packed with granular activated carbon is used as a filter system. This system is incorporated as part of the flow diagram between the sampler and the sampling valve system as illustrated in Fig. 1.

(ii) Sampling Valve. A Carle microvolume two-position sampling valve (Carle Cat. No. 2014) with two sampling loops was used. Water samples were constantly sampled by one 60 µl loop, which were alternated by using the other 100 µl loop constantly to sample an alkaline buffer-EDTA solution. The carrier stream was supplied with a peristaltic pump and the sampling valve system was synchronised with the sampler unit.

(iii) Cenco sampler.

(iv) Cenco peristaltic pump operating at 10 rev. per minute.

(v) Manifold (see Fig. 1).

(vi) Spectrophotometer. Bausch and Lomb Spectronic 21DV spectrophotometer (Rochester, New York) equipped with a 10 mm Hellma type flow-through cell (volume 80 µl). The sensitivity setting selected was the highest possible.

Reagents

All reagents were prepared from analytical reagent quality grade unless otherwise specified.

Table 1. Reproducibility test on a series of standard sulphate solutions

Theoretical mg/l sulphate	Number of tests	Coefficient of variation %
50	12	0.99
75	12	0.91
100	12	0.88
125	12	0.71
150	12	0.44
175	12	0.41
200	12	0.62

(i) Barium Chloride Solution. Dissolve 0.20 g of thymol crystals with stirring in 500 ml of 0.005 mol/l hydrochloric acid solution at a temperature of about 80°C. Cool to 40°C and add 500 ml of 0.005 mol/l hydrochloric acid solution. Add 4 g of gelatin very slowly and swirl until dissolved. When dissolved, add 20 g of barium chloride dihydrate and dissolve. Filter, if necessary.

(ii) Buffer Solution. Dissolve 40 g of EDTA (disodium salt), 7 g of ammonium chloride and 57 ml of concentrated ammonia solution (sp. gr. 0.88) in 500 ml of distilled water. Dilute to 1 l with distilled water.

(iii) Standard Sulphate Solution. Prepare a stock solution containing 1,000 mg/l of sulphate by dissolving 1.4787 g of anhydrous sodium sulphate, dried at 120°C for 2 h, in distilled water and diluting to 1 l. Prepare working standard solutions in the range of 50–200 mg/l by suitable dilution of the stock solution.

Table 2. Reproducibility test on a series of water samples

Sample	Number of tests	Sulphate concentration in mg/l	Coefficient of variation %
1	12	179	0.59
2	12	51	0.91
3	12	143	0.43
4	12	77	0.71
5	12	61	0.87
6	12	191	0.57
7	12	113	0.53
8	12	57	0.96
9	12	181	0.63
10	12	101	0.51

Table 3. Accuracy test of the proposed FIA-method against standard procedures

Sample	Proposed FIA-method. Sulphate concentration in mg/l	Automated segmented method. Sulphate concentration in mg/l	FIA-method previously described [1]. Sulphate concentration in mg/l
1	179	182	180
2	51	53	52
3	143	141	143
4	77	75	78
5	61	66	63
6	191	193	192
7	113	113	114
8	57	59	56
9	181	179	181
10	101	99	102

Table 4. Results of sulphate content in water samples with and without a carbon filter in the FIA-method

Sample number	Sulphate content in mg/l	
	With filter	Without filter
1	179	184
2	51	63
3	143	148
4	77	81
5	61	69
6	191	197
7	113	124
8	57	70
9	181	187
10	101	109

Procedure

A schematic flow diagram for the flow injection system is outlined in Fig. 1. The manifold consists of Tygon tubing with an inside diameter of 0.51 mm cut into the required lengths and wound around suitable glass tubes with an outside diameter of 15 mm.

A barium chloride reagent carrier stream is provided at a constant flow rate of 3.9 ml min^{-1} by means of a peristaltic pump. Samples taken from the turntable of an automatic sampler are pumped through a 12 cm 2.06 mm i.d. tube packed with granular activated carbon into a sample loop by means of a peristaltic pump. In this way suspended solids and colour are automatically removed before sampling. Filtered samples are injected automatically from a 60 µl sampling loop into the reagent stream by means of a Carle microvolume two-position sampling valve. This is alternated by injecting automatically 100 µl of alkaline buffer-EDTA solution into the reagent stream from the other sampling loop. The above mentioned process is achieved by placing the water samples in every second cup of the automated sampler, and alkaline buffer-EDTA solution in the cups between samples. A 30 s sampling cycle is used between sampling a water sample and sampling buffer-EDTA solution giving the system a total sampling capacity of 120 per hour. This means a sampling capacity of 60 water samples per hour. The valve system is actuated on a time basis which is correlated with the sampler unit. The sampling valve actuates every 28 s after movement of the sampler to the next sample.

Results and Discussion

Buffer-EDTA solution from the cups between samples are also pumped through the active carbon filter and these compounds might also be adsorbed by the active carbon, thus reducing the lifetime of the filter drastically. This has been investigated and no dramatic reduction in lifetime was observed. Another possibility is that the active carbon could adsorb sulphate ions. Standard sulphate solutions as well manually filtered samples were analysed with and without the active carbon filter and no difference in absorbance was recorded at 420 nm. The filter must be replaced after about 400–500 determinations and this is done on-line between samples without disturbing the manifold system.

Analysis of samples was performed in a random order to test carry-over effects. Carry-over from one sample to another was neglible. No baseline drift was experienced.

The reproducibility of the proposed method was tested on standard sulphate solutions (Table 1) and water samples (Table 2). The coefficient of variation for standard sulphate solutions and for water samples having different concentrations of sulphate, was less than 1% on 12 tests of each sample.

The accuracy of the proposed flow injection analysis (FIA) method was tested by comparing the results of 10 water samples, taken from surface, ground and domestic systems, with those obtained by the previously described FIA method [1] and a standard automated segmented method where samples were manually filtered before analysis. Results compare favourably as can be seen from Table 3. Samples were also analysed with and without the carbon filter to get an indication of the interference by organic substances and colour and to prove the success of the proposed FIA method (Table 4).

Acknowledgements. The author expresses his gratitude to the Council for Scientific and Industrial Research, Pretoria and to the University of Pretoria for financial support and also to the Hydrological Research Institute, Pretoria, for supplying the analysed samples. The author thanks Mrs. K. J. Schneider for assistance in preparing the manuscript.

References

1. Van Staden JF (1982) Fresenius Z Anal Chem 310:239–242
2. Slanina J, Lingerak WA, Bergman L (1976) Fresenius Z Anal Chem 280:365

Received November 24, 1981

BYLAAG 5

VLOEI-INSPUIT TURBIDIMETRIESE ANALISE VAN SULFAAT. DEEL 1. OUTOMATIESE VOORKLEPFILTRASIE MET GEAKTIVEERDE KOOLSTOFFILTREERPAPIER.

J.F.VAN STADEN
Departement Chemie
Universiteit van Pretoria
PRETORIA 0002

SUMMARY

Suspended solids and the presence of organic substances and colour are the main interferences in the turbidimetric spectrophotometric determination of sulphate at 420 nm in water. This problem has been solved by the develop= ment of an automated prevalve filter system consisting of a 12 cm Tygon tube with i.d. of 2,06 mm packed with activated carbon. The abovementioned automated prevalve filter system has now been improved by developing a system where activated carbon filter paper is used. It is much more easier to replace the latter in routine laboratories. The method is applicable for the analysis of sulphate at a sampling rate of up to 60 samples per hour with a coefficient of variation of better than 1%.

INLEIDING

Sulfaat, wat oor die algemeen wyd verspreid in die natuur voorkom, is teenwoordig in natuurlike water in konsentrasies wat strek vanaf nul tot 'n hele aantal duisend milligram per dm^3. Dit word ook aangetref in industriële afval as gevolg van die vrystelling vanaf aanlegte soos looierye, pulpmeules, tekstielmeules en ander aanlegte waarin swaelsuur gebruik word. Hierdie industriële afval beland uiteindelik in riviere en damme waar die sulfaat dan besoedeling veroorsaak. Weens die purgerende fisiologiese effek op die menslike liggaam, het die Verenigde State se "Public Health Service Drinking Water Standards" van 1946 voorgestel dat die sulfaatinhoud nie die limiet van 250 $mg \cdot dm^{-3}$ in aanvaarbare watervoorsienings= netwerke sal oorskry nie. Die toenemende neiging vir die eliminasie van besoedeling in water het gelei tot die aanvraag na 'n metode vir die bepa= ling van sulfaat in water waarin die analisefrekwens verhoog kan word.

Die mikro-balans en ander gesofistikeerde tegnieke wat gebruik word om klein hoeveelhede materiaal te hanteer, maak die gravimetriese prosedure (presipitasie as bariumsulfaat) steeds bruikbaar, maar heeltemal onprakties om groot hoeveelhede monsters in 'n beperkte tyd te hanteer. Gevolglik is verskeie spektrofotometriese metodes ontwikkel vir die bepaling van sulfaat.

Die drie metodes wat oor die algemeen universeel die meeste gebruik word, is die bariumchloroanilaatmetode (Bertolacini en Barney, 1957; Agterden= bos en Martinius, 1964), die metieltimolbloumetode (Lazrus, Hill en Lodge, 1965) en die bariumsulfaat turbidimetriese prosedure (Sheen et al, 1935). In die geval van die chloro-anilaat- en metieltimolblouprosedures word bariumsulfaat as een van die produkte gevorm, terwyl 'n ekwivalente hoeveel= heid van die gekleurde anioonvorm van die reagens vrygestel word, wat dan

kolorimetries bepaal word. Hierdie metodes is egter nie steuringsvry nie en veral die swaar metaalkatione moet verwyder word met behulp van ioonuit= ruilingstegnieke. So steur baie katione soos Ca^{2+}, Cu^{2+}, Zn^{2+}, Pb^{2+}, Fe^{3+} en Al^{3+} deurdat hulle minoplosbare chloro-anilate vorm. In hierdie geval word die verwydering van bogenoemde katione deur 'n sterk katioonuitruilhars in die waterstofvorm aanbeveel. Dit is prakties uitvoerbaar by sekere geselek= teerde watermonsters soos kraanwater waar steurings nie in oorvloed teen= woordig is nie. Dit skep egter oor die algemeen probleme by die grootste gedeelte van die algemene omgewingswaters waar steuringselemente wel voor= kom weens besoedeling.

Ten spyte van die onsekerhede kenmerkend van turbidimetriese prosedures, is bariumsulfaat suspensies goed bestudeer en vind die metode bruikbare toepassing in die bepaling van sulfaat. Die metode word aanbeveel as 'n standaard metode vir die toets vir die sulfaatioon in water en afvalwater (American Society for testing and materials, 1975).

In die turbidimetriese bepaling van sulfaat, word die sulfaatione omge= skakel na 'n minoplosbare bariumsulfaatsuspensie in 'n gelatien-timol medium deur die byvoeging van 'n oormaat bariumchloried reagens.

$$Ba^{2+}(aq) + SO_4^{2-}(aq) \rightleftarrows BaSO_4\downarrow$$

Die akkuraatheid en presisie van die turbidimetriese bepaling van sulfaat hang van die kristalvorm en die verspreiding van die verskillende groottes van die ligverstrooiende deeltjies in die suspensie af. Die graad van ver= strooiing word deur verskeie faktore beheer en is baie afhanklik van reak= sietoestande. Dit is dus noodsaaklik dat die vereistes ten opsigte van konsentrasies en die voorsorgmaatreëls ten opsigte van die voorbereiding van die reagense streng gevolg word. In vloei-inspuitanalise is dit egter moontlik om elke standaard en monster op presies dieselfde wyse te hanteer

sodat reaksietoestande in so 'n sisteem konstant bly. Die byvoeging van soutsuur by die bariumchloriedoplossing verhoed die presipitasie van sulfiet, karbonaat, chromaat, fosfaat en oksalaat met barium.

Een van die probleme wat geassosieer is met hierdie metode is die opbou van bariumsulfaat presipitaat wat veral in die vloeisel en op die wande van die buise in die vloeisisteem akkumuleer. Dit veroorsaak 'n lae presisie en blokkeer uiteindelik die vermengingsisteem. Dit word vermy (Van Staden, 1982) deur 'n prosedure te gebruik waarin een van die monsternemingslusse van 'n tweeposisie monsternemingsklep gebruik word om 'n alkaliese buffer-EDTA oplossing te monster. Dit word afgewissel met watermonsters gemonster deur die tweede lus. Sodoende word basislyndryf uitgeskakel.

Gesuspendeerde materiaal en die teenwoordigheid van organiese stowwe (kleur) skep egter nog steeds probleme. Dit steur in die turbidimetriese bepaling van sulfaat. Gesuspendeerde vaste deeltjies is verder geneig om in die vloei= sisteem en kleplusse te akkumuleer. Dit veroorsaak 'n verandering in die vloeidinamika van die sisteem, wat weer tot lae presisie lei. Soms word die vloeisisteem heeltemal geblokkeer.

Van Staden (1982) het 'n metode beskryf waardeur gesuspendeerde materiaal en kleur met behulp van outomatiese voorklepfiltrasie verwyder is. In die metode is gebruik gemaak van 'n 12 cm tygonbuis met 'n binne-deursnee van 2,06 mm wat met korrelrige geaktiveerde koolstof gepak is. Die metode het goed ge= funksioneer, maar daar is gevind dat vervanging van die tygonbuis probleme kan lewer in roetinelaboratoriums. Die pakking van die buis is tydrowend. Dit is nie altyd moontlik om twee buise te pak wat identies is nie. Die buis kan ook te dig gepak word sodat vloeiprobleme ontstaan.

Gevolglik is hierdie outomatiese voorklepfiltreersisteem nou verder verfyn deur 'n sisteem te ontwikkel waar geaktiveerde koolstoffiltreerpapier ge= bruik word.

EKSPERIMENTEEL

Apparaat

Geaktiveerde koolstoffiltreerder

Die geaktiveerde koolstoffiltreersisteem word skematies in Figuur 1 voorge= stel. Die sisteem word met een of meer skywe geaktiveerde filtreerpapier (Carl Schleicher and Schüll, Postfach 4, D-3354, West-Germany; Active Carbon Paper No. 508) gepak. Die sisteem bestaan uit twee dele a en b wat inmekaar geskroef word. (Kyk sy-aansig Figuur 1). Die dwarsdeursnee van die twee dele a en b met aansig van bo toon die volgende (Figuur 1): Beide gedeeltes is voorsien van siffies wat die ergste gesuspendeerde deeltjies kan keer. Vuil watermonsters vanaf die monsternemer beweeg by gedeelte b in, die siffie keer die ergste gesuspendeerde deeltjies en kleur word deur die geaktiveerde filtreerpapier verwyder. Die siffie by gedeelte a is daar geplaas om te verhoed dat van die geaktiveerde koolstofdeeltjies op die filtreerpapier na die analitiese kanaal beweeg. Die gedeelte a bevat verder ook 'n O-ring (kyk dwarsdeursnee figuur 1) om lekkasie van lug te voorkom en die sisteem dig te sluit. Hierdie gedeelte is verder effens skuins afgewerk om die sisteem beter te laat funksioneer. Die skoon monster word vanuit hierdie gedeelte aan die analitiese kanaal van die vloeisisteem voorsien. Die filtreersisteem word geïnkorporeer as deel van die vloeidiagram tussen die monsternemer en die monsternemingsklepsisteem soos geïllustreer in Figuur 2.

Dieselfde monsternemingsklep en lusse, monsternemer, peristaltiese pomp en spektrofotometer met deurvloeisel as in bylaag 6 is gebruik. By die vermengingsisteem (Figuur 2) is die enigste verskil die vervanging van die geaktiveerde koolstoftygonbuis met 'n geaktiveerde koolstoffiltreerpapier= sisteem.

Die voorbereiding van die reagense en standaarde is in bylaag 6 beskryf.

PROSEDURE

Dieselfde prosedure as in bylaag 6 is gevolg.

RESULTATE EN BESPREKING

Buffer-EDTA oplossing van die monsterhouers tussen werklike monsters word ook deur die voorklepfiltreersisteem gepomp. Hierdie verbindings kon ook deur die geaktiveerde filtreerpapier geadsorbeer word, wat sou veroorsaak dat die leeftyd van die filtreerpapier drasties ingekort word. Hierdie moontlikheid is ondersoek en daar is gevind dat dit geen invloed uitoefen nie. 'n Tweede moontlikheid is dat die geaktiveerde filtreerpapier sulfaatione kon adsorbeer. Standaard sulfaatoplossings sowel as handgefiltreerde monsters en gewone kraanwater is met en sonder die geaktiveerde voorklepfiltreersisteem ge-analiseer. Geen verskil in absorbansie is waargeneem nie. Die leeftyd van die filtreerpapier word bepaal deur die geaardheid van en aantal vaste deel= tjies wat in monsters teenwoordig is. Daar is gevind dat meer as 500 monsters deur die filtreersisteem gepomp kan word voordat die filtreerpapier vervang moet word. Dit moet geskied sodra daar enige tekens is dat die presisie ver= swak voordat dit blyk of daar 'n aanduiding van blokkasie is. Dit kan gedoen word deur die hele voorklepsisteem te vervang met 'n tweede terwyl die sis= teem in bedryf is sonder om die vermengingsisteem te versteur.

Die invloed van monsteroordrag oor die konsentrasiegebied van 50 tot 200 $mg \cdot dm^{-3}$ sulfaat is geëvalueer deur analises na willekeur uit te voer. Oordrag van een monster na 'n tweede is weglaatbaar klein. Geen basislynver= skuiwing is ondervind nie.

Die presisie van die metode is op 10 verskillende watermonsters getoets wat oor die konsentrasiegebied van 50 tot 200 $mg \cdot dm^{-3}$ versprei is. Die standaardafwyking vir die watermonsters met verskillende sulfaatkonsentrasies is minder as 1% op 17 toetse vir elke monster.

Die akkuraatheid van die voorgestelde VIA metode is getoets deur die resul= tate van 20 oppervlakte-, grond- en huishoudelike watermonsters te vergelyk met 'n vorige VIA metode (Van Staden, 1982) en 'n standaard outomatiese geseg= menteerde metode waar die monsters met die hand gefiltreer is voor analise. (Kyk tabel 1). Om te toets of die voorgestelde metode geskik is vir toe= passing in wateranalise, is die t-distribusietoets (K. Eckschlager, 1969) op die voorgestelde VIA- en standaard outomatiese gesegmenteerde metode uit= gevoer. Daar is gevind dat die eksperimentele berekende t-waarde van 0,692 kleiner is as die getabuleerde t-waarde van 2,093 op die 95% betroubaarheids= interval. Daar is dus geen statisties betekenisvolle verskil op bogenoemde betroubaarheidsinterval nie. Die verskil in resultate kan verduidelik word aan die hand van toevallige foute. Die voorgestelde metode is dus geskik vir die bepaling van sulfaat in water. Die akkuraatheid van die voorgestelde metode is ook getoets deur bekende hoeveelhede sulfaat by watermonsters te voeg en te bepaal hoeveel van die bygevoegde sulfaat herwin is (Tabel 2). Die herwinbaarheid volgens hierdie metode is gemiddeld 99,8%.

ERKENNING

Hierdie projek is uitgevoer met finansiële ondersteuning van die Waternavor= singskommissie, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en die

Universiteit van Pretoria. Die Hidrologiese Navorsingsinstituut, Pretoria word bedank vir die verskaffing van geanaliseerde watermonsters.

VERWYSINGS

Agterdenbos, J. en Martinius, N. (1964). Theoretical considerations on the indirect determination of anions. Determination of sulphate with barium chloranilate. Talanta. 11, 875.

American Society for Testing and Materials (1975) Book of ASTM Standards, Part 31, Water, ASTM, Philadelphia. 624-781.

Bertolacini, R.J. en Barney II, J.E. (1957). Colorimetric determination of sulphate with barium chloranilate. Anal. Chem. 29, 281.

Eckschlager, K. (1969) in "Errors, Measurement and Results in Chemical Analysis", Hoofstuk 4, Van Nostrand, London, p. 107.

Lazrus, A.L., Hill, K.C. en Lodge, J.P. in "Automation in Analytical Chemistry", Technicon Simposia, 1965, Mediad Inc., New York, 1966 p 291-293.

Sheen, R.T., Kahler, H.L., Ross, E.M., Betz, W.H. en Betz, L.D. (1935). Turbidimetric determination of sulphate in water. Ind. Eng. Chem. Anal. Ed. 7, 262.

Van Staden, J.F. (1982). Automated Turbidimetric Determination of Sulphate in Surface, Ground and Domestic Water by Flow-Injection Analysis. Fresenius Z. Anal. Chem. 310, 239.

Van Staden, J.F. (1982). Automated Prevalve Sample Filtration in Flow Injection Analysis. Determination of Sulphate in Water Removing suspended solids and colour before sampling. Fresenius Z. Anal. Chem. 312, 438.

9 / ...

TABEL 1

Akkuraatheidstoets van die voorgestelde VIA-metode teen standaard prosedures.

Monster	Voorgestelde VIA-metode Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$	Outomatiese gesegmenteerde metode Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$	VIA-metode alreeds beskryf (Van Staden 1982). Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$
1	180	183	181
2	53	52	51
3	75	78	76
4	121	120	121
5	173	170	174
6	81	79	82
7	193	196	195
8	172	169	173
9	87	84	84
10	65	65	61
11	195	194	190
12	149	151	151
13	136	136	134
14	59	59	61
15	113	112	110
16	177	178	177
17	96	99	97
18	141	146	142
19	159	157	158
20	119	124	120

VIA = vloei-inspuitanalise

10 / ...

TABEL 2

Herwinningstoetse met die voorgestelde VIA metode op drie watermonsters met verskillende sulfaatkonsentrasies.

Monster	Sulfaatkonsentrasie in watermonster $mg \cdot dm^{-3}$	Herwinningstoets		
		Sulfaat bygevoeg mg.	Sulfaat herwin mg.	% Herwin
1	53	5,0	4,92	98,4
		10,0	9,98	99,8
		15,0	15,02	100,1
2	195	5,0	5,01	100,2
		10,0	10,03	100,3
		15,0	15,01	100,1
3	96	5,0	4,97	99,4
		10,0	9,96	99,6
		15,0	14,99	99,9

Gemiddelde % herwinning = 99,8

VIA = vloei-inspuitanalise

11 / ...



FIGUUR 1:

Skematiese voorstelling van die outomatiese voorklepfiltreersisteem met geaktiveerde koolstoffiltreerpapier.



FIGUUR 2:

Vloeidiagram vir sulfaat. Analisefrekwens 60 monsters per uur. Buislengte en -binnedeursnit word respektiewe= lik in cm en mm gegee.

BYLAAG 6

VLOEI-INSPUIT TURBIDIMETRIESE ANALISE VAN SULFAAT. DEEL 2. GEBRUIK VAN 'N ENKEL- OF DUBBELKANAALSISTEEM BY INDUSTRIËLE AFVALWATER.

J.F.VAN STADEN
Departement Chemie
Universiteit van Pretoria
PRETORIA

ABSTRACT

A simple, rapid single- and double channel flow-injection system for the determination of sulphate is described. The procedures are suitable for the analysis of sulphate in heavy coloured industrial effluents at a rate of up to 60 samples per hour with a coefficient of variation of better than 1%.

INLEIDING

Sekere watersisteme, veral industriële afvalwater en water vanuit mynhope, bevat komponente wat intens gekleurde oplossings met water vorm. Monsters van 'n soortgelyke aard kom ook voor in watersisteme wat gevoed word vanuit digbeboste gebiede in Suid-Afrika. Daar is gevind dat die kleurstowwe in bogenoemde monsters nie op die geaktiveerde koolstoffiltreerpapier adsorbeer nie. Gevolglik kan die kleur nie op hierdie wyse verwyder word nie. Bogenoemde monsters kom gewoonlik nie as 'n reël op 'n roetine basis in laboratoriums voor nie, maar verskyn soms wel as uitsonderings, gevolglik moet vir sulke monsters voorsiening gemaak word. Twee tipes vloeisisteme naamlik 'n analitiese enkel-, sowel as 'n dubbelkanaalsisteem is vir hierdie doel ontwikkel en aangepas.

By die enkelkanaalsisteem word die sulfaat in die gekleurde monsters saam met die steurings bepaal. 'n Blanko analise word dan outomaties op dieselfde reeks monsters uitgevoer. In die geval van die dubbelkanaalsisteem word 'n blankobepaling gelyktydig uitgevoer deur dieselfde monster met behulp van twee klepsisteme op dieselfde oomblik in twee analitiese kanale te voer na twee gekalibreerde deteksiesisteme.

EKSPERIMENTEEL

A. Enkelkanaalsisteem

Apparaat

Die instrumentasie wat in hierdie gedeelte gebruik word, is basies dieselfde as dié wat voorheen (Van Staden, 1982) beskryf is (Kyk Figuur 1).

3 / ...

Reagense

Die voorbereiding van die bariumchloriedoplossing, bufferoplossing en die standaard sulfaatoplossing is volledig beskryf (Van Staden, 1982). Dit is egter nodig om bykomend 'n gelatienoplossing te berei. Dieselfde prosedure as by die bariumchloriedoplossing is van toepassing, behalwe dat die barium=chloried weggelaat word.

B. Dubbelkanaalsisteem

Apparaat

Die instrumentasie wat in hierdie gedeelte gebruik word, is basies dieselfde as dié wat voorheen (Van Staden, 1982) beskryf is, behalwe dat sommige gedu=pliseer word (kyk Figuur 2).

Reagense

Dieselfde reagense as by die enkelkanaalsisteem is van toepassing.

PROSEDURE

'n Skematiese diagram van die analitiese vloeisisteme verskyn in Figure 1 en 2. Die vermengingsisteme bestaan uit Tygonbuise met 'n binnedeursnee van 0,51 mm. Die buise is as vermengingspoele om 15 mm perspexstawe gedraai. Lynlengtes word in die figure aangedui.

Die volgende werkswyse word by die enkelkanaalsisteem gevolg.

Die sulfaat in 'n reeks gekleurde monsters word saam met die steurings op die gewone wyse bepaal met bariumchloried in die draerstroom. Monsters van 'n outo=matiese Cenco monsternemer word outomaties met behulp van 'n 60 µℓ monster=nemingslus in die draerstroom ingespuit deur gebruik te maak van 'n Carle mikro=

volume twee-posisie monsternemingsklep. Dit word afgewissel deur outomaties 100 µℓ van 'n alkaliese buffer-EDTA oplossing met die ander monsternemingslus in die draerstroom in te spuit. Die wyse waarop dit geskied is in bylaag 5 volledig beskryf.

'n Blanko analise word dan op dieselfde reeks monsters uitgevoer. Dit geskied deur dieselfde prosedure as hierbo te herhaal met slegs 'n gelatienoplossing, maar sonder 'n bariumchloriedoplossing in die draerstroom.

Die volgende werkswyse word by die dubbelkanaalsisteem gevolg.

Monsters, afgewissel met alkaliese buffer-EDTA oplossing, van 'n outomatiese Cenco monsternemer word deur die monsternemingslusse van twee verskillende klepsisteme met behulp van 'n peristaltiese pomp gepomp (kyk Figuur 2). Die twee klepsisteme spuit gelyktydig gelyke hoeveelhede in elk van die twee draerstrome. Op hierdie wyse word 60 µℓ monster in die analitiese kanaal met bariumchloriedoplossing as draerstroom ingelaat. Terselfdertyd word 60 µℓ in die blankokanaal met gelatienoplossing as draerstroom ingelaat. Dit word afgewissel deur outomaties 100 µℓ van 'n alkaliese buffer-EDTA oplossing met die alternatiewe monsternemingslusse in beide kanale in te spuit. Die wyse waarop dit geskied is volledig in bylaag 5 beskryf.

Om aanvaarbare pieke te verkry, is dit noodsaaklik dat beide die blanko- en analitiese kanale goed gesinchroniseer is. Verder moet die monsternemings= lusse en instrumentasie goed gekalibreer wees. Sinchronisering en kalibrasie kan met behulp van 'n verdunde gekleurde indikatoroplossing uitgevoer word.

RESULTATE EN BESPREKING

Die presisie en akkuraatheid van die voorgestelde VIA metode is getoets deur die resultate van 12 monsters te vergelyk met resultate wat met die vorige metode (in bylaag 7) verkry is nadat die monsters herhaaldelik behandel is.

Die standaardafwyking is minder as 1% op 14 toetse vir elke monster. Die resultate vergelyk gunstig (Tabel 1), behalwe vir die monsters waar die vorige metode heeltemal faal. Die t-distribusietoets (K. Eckschlager, 1969) is ook op bogenoemde metodes uitgevoer om te toets of die voorgestelde enkel- en dubbelkanaalsisteme geskik is vir toepassing in wateranalise. Die eksperimentele berekende t-waardes van 1,62 vir die enkel- en 1,66 vir die dubbelkanaalsisteme is kleiner as die getabuleerde t-waarde van 2,201 op die 95% betroubaarheidsinterval. Geen statisties betekenisvolle verskil kom op bogenoemde betroubaarheidsinterval voor nie, sodat die verskil in resultate te wyte is aan toevallige foute. Die voorgestelde sisteme is dus albei geskik vir die bepaling van sulfaat in water. Dit was verder ook nodig om die monsters herhaaldelik te sentrifugeer en te filtreer voordat die vorige metode (bylaag 7) wel toegepas kon word. Omdat die vorige metode soms gefaal het, was dit nodig om die akkuraatheid van die voorgestelde metode te toets deur bekende hoeveelhede sulfaat by die watermonsters te voeg en te bepaal hoeveel van die bygevoegde sulfaat herwin is. (Kyk tabel 2). Uit die resultate blyk dit dat die herwinbaarheid volgens hierdie prosedures respektiewelik gemiddeld 99,1% vir die enkelkanaal- en gemiddeld 98,8% vir die dubbelkanaalsisteem is. Willekeurige analises toon verder dat oordrag van een monster na 'n tweede weglaatbaar klein is. Geen basislynverskuiwing is ondervind nie.

ERKENNING

Hierdie projek is uitgevoer met finansiële ondersteuning van die Waternavorsingskommissie, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en die Universiteit van Pretoria.

VERWYSINGS

Eckschlager K. (1969) in "Errors, Measurement and Results in Chemical Analysis", Hoofstuk 4, Van Nostrand, London, p 107.

Van Staden, J.F. (1982). Automated Turbidimetric Determination of Sulphate in Surface, Ground and Domestic Water by Flow-Injection Analysis. Fresenius Z. Anal. Chem. 310, 239.

Van Staden, J.F. (1982). Automated Prevalve Sample Filtration in Flow Injection Analysis: Determination of Sulphate in Water Removing suspended solids and colour before sampling. Fresenius Z. Anal. Chem. 312, 438.

TABEL 1

Resultate van die presisie- en akkuraatheidstoets vir die voorgestelde VIA prosedures

Monster	VIA-metode alreeds beskryf Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$	Voorgestelde VIA pro= sedures Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$	Variasiekoëffisiënt[a] %
Enkelkanaalsisteem			
1	179	180	0,56
2	165	166	0,57
3	132	132	0,61
4	79	76	0,81
5	145	146	0,61
6	168	166	0,59
7	146	140	0,60
8	177	176	0,56
9	186	187	0,56
10	142	144	0,62
11	186	180	0,58
12	133	120	0,65
Dubbelkanaalsisteem			
1	179	178	0,56
2	165	167	0,56
3	132	131	0,60
4	79	77	0,79
5	145	146	0,60
6	168	166	0,58
7	146	141	0,61
8	177	177	0,56
9	186	186	0,59
10	142	144	0,60
11	186	179	0,56
12	133	117	0,66

[a] Vir 14 toetse op elke monster.

VIA = vloei-inspuitanalise

8 / ...

TABEL 2:

Herwinningstoetse met die voorgestelde enkel- en dubbelkanaalsisteme op watermonsters met verskillende sulfaatkonsentrasies.

Monster	Sulfaatkonsentrasie in watermonster $mg \cdot dm^{-3}$	Herwinningstoets		
		Sulfaat bygevoeg mg	Sulfaat herwin mg	% Herwin
Enkelkanaalsisteem				
1	187	5	4,96	99,2
		10	9,92	99,2
		15	15,01	100,0
2	121	5	4,89	97,8
		10	9,88	98,8
		15	14,91	99,4
Gemiddelde % herwinning = 99,1				
Dubbelkanaalsisteem				
1	193	5	4,92	98,4
		10	9,90	99,0
		15	14,97	99,8
2	116	5	4,88	97,6
		10	9,85	98,5
		15	14,94	99,6
Gemiddelde % herwinning = 98,8				

9 / ...



FIGUUR 1:

Enkelkanaalsisteem. Buislengte en -binnedeursnit word respektiewelik in cm en mm gegee.



FIGUUR 2:

Dubbelkanaalsisteem. Buislengte en -binnedeursnit word respektiewelik in cm en mm gegee.

BYLAAG 7

VLOEI-INSPUIT TURBIDIMETRIESE ANALISE VAN SULFAAT. DEEL 3. BEPALING VAN HOË SULFAATINHOUD IN INDUSTRIËLE AFVALWATER

J.F. van Staden
Departement Chemie
Universiteit van Pretoria
PRETORIA 0002

ABSTRACT

An automated flow-injection, turbidimetric procedure for the analysis of samples with a high sulphate content is described. The method is suitable for the analysis of sulphate in industrial effluent at a rate of up to 120 samples per hour with a coefficient of variation of better than 1%.

INLEIDING:

Enkele monsters, veral dié vanaf industriële afvalwater vanuit aanlegte waarin swaelsuur gebruik word, se sulfaatinhoud is relatief hoog sodat dit buite die konsentrasiegebied van bestaande metodes val. Hierdie monsters moet met die hand verdun word voordat die sulfaat in die verdunde monsters dan bepaal kan word volgens bestaande prosedures. Bogenoemde handverdunnings= metode neem egter baie tyd in beslag en dit kan verder ook lei tot 'n ver= laging in akkuraatheid en presisie van resultate.

Outomatiese dialise van monsters het verder die volgende voordele wat geïmplimenteer is in 'n metode:

(a) Steuringsmateriaal soos gesuspendeerde deeltjies en organiese kleur word outomaties verwyder.
(b) Verdunning van monsters vind outomaties plaas. Dit skakel sleurwerk uit.
(c) Geen verlies in akkuraatheid en presisie kom voor weens verdunning nie, want elke standaard en monster word onderwerp aan dieselfde konstante vloeidinamika.
(d) Produktiwiteit word verhoog.

EKSPERIMENTEEL:

Instrumentasie

Dialiseerder

'n 160 x 30 x 25 mm module gemasjieneer van perspex met 'n 0,50 mm radiaaldiepte groef word in die analitiese kanaal ingesluit vir outomatiese verdunning. (Kyk Figuur 1). Die dialiseereenheid is toegerus met 'n "Technicon Pre-mount Dialysis Membrane Type C".

3 / ...

Dieselfde monsternemingsklep, monsternemer en spektrofotometer met deurvloei= sel as voorheen is gebruik. 'n Cenco peristaltiese pomp wat teen 30 revolusies per minuut funksioneer is egter gebruik. Die vermengingsisteem verskil ook met die insluiting van 'n dialiseerder asook wat die analitiese kanale betref.

Reagense

Analities reagens graad reagense is gebruik, tensy dit anders gespesifiseer is.

(i) Soutsuuroplossing

0,01 mol·dm^{-3} HCℓ. Los 80 cm^3 gekonsentreerde soutsuur (soortlike gewig = 1,19; pro analysi - Merck) in 500 cm^3 gedistilleerde water op. Verdun kwantitatief na 1 dm^3 met gedistilleerde water. Dit lewer 'n 1,00 mol·dm^{-3} stam-soutsuuroplossing. Berei 'n geskikte werkoplos= sing met 'n konsentrasie van 0,01 mol·dm^{-3} deur verdunning van 'n geskikte alikwot van die stamoplossing.

(ii) Bariumchloriedoplossing

Los 0,20 g timolkristalle op in 500 cm^3 gedistilleerde water by 'n temperatuur van ongeveer 80°C. Koel af tot 40°C. Verdun kwantitatief tot 2 dm^3 met gedistilleerde water. Voeg 4 g gelatien stadig by. Skud baie goed totdat alles opgelos het. Voeg 50 g bariumchloried= dihidraat ($BaC\ell_2 \cdot 2H_2O$) by en los op. Filtreer, indien nodig.

Standaarde

(i) Stam-sulfaatoplossing

Los 27,5112 g $(NH_4)_2SO_4$ op in gedistilleerde water en verdun kwantitatief na 1 dm^3. Die oplossing bevat 20 000 mg·dm^{-3} sul= faat as SO_4^{2-}.

4 / ...

(ii) Standaard-sulfaatwerkoplossings

Berei die volgende reeks standaardwerkoplossings in 250 cm^3 volumetriese flesse.

Nommer	Volume stamoplossing (cm^3)	Sulfaatkonsentrasie in $mg.dm^{-3}$
1	20	1 600
2	30	2 400
3	40	3 200
4	50	4 000
5	60	4 800
6	75	6 000

PROSEDURE

'n Skematiese diagram van die analitiese vloeisisteem wat bedryf word in die bepaling van sulfaat verskyn in Figuur 1. Die vermengingsisteem bestaan uit Tygonbuise met lynlengtes en buisbinnedeursneë soos aangedui in die Figuur.

Die monsters vanaf die Cenco monsternemer word outomaties in die analitiese kanaal met behulp van 'n 200 µℓ monsternemingslus ingespuit. 'n 30 sekonde monsternemingsiklus word tussen opeenvolgende monsters gehandhaaf. Dit gee 'n kapasiteit van 120 monsters per uur. Die monsternemingsklepsisteem skakel elke 28 sekondes nadat die monsternemer na die volgende monster beweeg het. Die klepsisteem is gesinchroniseer met die monsternemingseenheid.

RESULTATE EN BESPREKING

'n Tipiese strookkaart registreerder uitdruk teen 'n monsternemingstempo van 120 monsters per uur verskyn in Figuur 2. Die kalibrasiekurwe is lineêr van 1 600 tot 6 000 $mg \cdot dm^{-3}$ (Figuur 3).

Die presisie en akkuraatheid van die voorgestelde vloei-inspuitprosedure word in Tabel 1 aangetoon. Die standaardafwyking is minder as 1% op 15 toetse vir elke monster. Die akkuraatheid van die voorgestelde VIA metode is getoets deur die resultate van 10 monsters te vergelyk met die resultate wat met die vorige metode in bylaag 7 verkry is waar die monsters met die hand verdun is voor analise. Die t-distribusietoets (K. Eckschlager, 1969) is ook op boge= noemde metodes uitgevoer om te toets of die voorgestelde vloei-inspuitprose= dure geskik is vir toepassing in wateranalise. Daar is gevind dat die eksperi= mentele berekende t-waarde van 1,31 kleiner is as die getabuleerde t-waarde van 2,262 op die 95% betroubaarheidsinterval. Daar is dus geen statisties betekenisvolle verskil op bogenoemde betroubaarheidsinterval nie. Die verskil in resultate kan verduidelik word aan die hand van toevallige foute sodat die voorgestelde VIA-metode dus geskik is. Die akkuraatheid van die voorgestelde metode is ook getoets deur bekende hoeveelhede sulfaat by watermonsters te voeg en te bepaal hoeveel van die bygevoegde sulfaat herwin is (Tabel 2). Die herwinbaarheid volgens hierdie metode is 97,5%.

ERKENNING

Hierdie projek is uitgevoer met finansiële ondersteuning van die Waternavor= singskommissie, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en die Universiteit van Pretoria.

VERWYSINGS

Eckschlager, K. (1969) in "Errors, Measurement and Results in Chemical Analysis", Hoofstuk 4, Van Nostrand, London, p. 107.

Van Staden, J.F. (1982). Automated Turbidimetric Determination of Sulphate in Surface, Ground and Domestic Water by Flow-Injection Analysis. Fresenius Z. Anal. Chem. 310, 239.

Van Staden, J.F. (1982). Automated Prevalve Sample Filtration in Flow Injection Analysis: Determination of Sulphate in Water Removing suspended solids and colour before sampling. Fresenius Z. Anal. Chem. 312, 438.

7 / ...

TABEL 1

Resultate van die presisie en akkuraatheidstoets vir die voorgestelde prosedure

Monster	VIA-metode alreeds beskryf Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$	Voorgestelde VIA-metode Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$	Variasiekoëffisiënt[a] %
1	1 950	1 936	0,78
2	3 437	3 451	0,76
3	1 921	1 907	1,03
4	4 071	4 083	0,71
5	1 769	1 760	0,84
6	1 606	1 632	0,97
7	5 130	5 146	0,69
8	4 381	4 370	0,70
9	3 967	3 989	0,77
10	4 206	4 237	0,70

[a]Vir 15 toetse op elke monster

VIA = vloei-inspuitanalise

TABEL 2

Herwinningstoetse met die voorgestelde VIA metode op watermonsters met verskillende sulfaatkonsentrasies

Monster	Sulfaatkonsentrasie in watermonster $mg \cdot dm^{-3}$	Herwinningstoets		
		Sulfaat bygevoeg mg	Sulfaat bygevoeg mg	% herwin
1	1 690	50	48	96
		100	98	98
2	4 735	50	49	98
		100	98	98

Gemiddelde % herwinning = 97,5

VIA = vloei-inspuitanalise



FIGUUR 1: Analitiese vloeisisteem. Analisefrekwens 120 monsters per uur. Buislengte en -binnedeursnit word respektiewelik in cm en mm gegee.



FIGUUR 2: Tipiese registreerder strookkaart. Die getal= le op die pieke dui sulfaatkonsentrasie as $mg.dm^{-3}$ aan.



FIGUUR 3: Kalibrasiekurwe

BYLAAG 8

INDIREKTE BEPALING VAN SULFAAT DEUR DIREKTE METING MET 'N LOODIOONSELEKTIEWE ELEKTRODE

J F van Staden
Departement Chemie
Universiteit van Pretoria
0002

ABSTRACT

A manual procedure for the indirect determination of sulphate by direct measurement with a lead ionselective electrode is described. An excess of lead(II)ions is added to the sample solution containing sodium perchlorate as ionic strength adjustor and methanol-formaldehyde to decrease the solu= bility and retard oxidation of the membrane. The system is useful for routine sulphate analysis in the range 20-200 $mg \cdot dm^{-3}$ with a reproducibility of ± 5%. Major interference is caused by cations (Cu^{2+}, Hg^{2+}, Ag^{+}) and anions which form insoluble lead salts (PO_4^{3-}). The effects of ionic strength adjustors, lead(II) salts used, organic solvents and the interferences of cations and anions are discussed.

INLEIDING

Die turbidimetriese spektrofotometriese bepaling van sulfaat word tans nog steeds in die meeste roetine laboratoriums gebruik vir sulfaatanalises. Kleur en troebelrigheid in sommige watermonsters steur egter by bogenoemde metodes. Hierdie steurings kan wel uitgeskakel word deur outomatiese voorklepfiltrasie met geaktiveerde koolstoffiltreerpapier, 'n dubbelkanaalsisteem of deur dialise (Van Staden 1982, 1984). Daar bestaan egter 'n paar monsters waar bogenoemde tegnieke nie so geslaagd is nie.

By elektrometriese (potensiometriese) titrasies met behulp van 'n ioonselektiewe elektrode is bogenoemde steurings nie 'n faktor nie. Potensiometriese metings vir die bepaling van sulfaat met ioonselektiewe elektrodes word gewoonlik uitgevoer deur 'n presipitasietitrasie met 'n lood(II)oplossing en gemeet met 'n loodioonselektiewe elektrode. (Orion Research, 1981, 1982).

Ross en Frant (1969) het aanvanklik 'n metode beskryf vir die potensiometriese titrasie van sulfaat met loodperchloraat waar die meting geskied het met behulp van 'n loodioonselektiewe elektrode. Die metode is verskeie kere verbeter en gemodifiseer, totdat daar tans 'n aanvaarbare prosedure (Orion, 1981, 1982) is wat gebruik word. Bogenoemde metode berus egter op 'n titrimetriese prosedure wat tydrowend is. Gevolglik is ondersoek ingestel na die moontlikheid om sulfaat indirek te bepaal deur direkte meting sonder om te titreer.

EKSPERIMENTEEL

APPARAAT

Potensiometriese metings is uitgevoer met 'n Orion Model 901 digitale Ionalyzer. Die sulfaat is indirek bepaal deur die lood(II)ioonaktiwiteite met behulp van 'n Orion Model 94-82 vaste membraan loodioonselektiewe elektrode te meet. Bogenoemde elektrode se membraanfase bestaan uit 'n PbS/Ag_2S mengsel in die vaste vorm. 'n Orion Model 90-02 verwysingselektrode met 'n dubbele aansluiting is gebruik. Die buitenste kamer is gevul met 'n versadigde oplossing van kaliumchloried en 'n hoeveelheid metanol wat dieselfde is as die hoeveelheid wat in die monsters gebruik is.

REAGENSE

Analities reagens-graad reagense is gebruik, tensy dit anders gespesifiseer is.

(i) Ioonsterkte verstelbare oplossing (ISA).

Los 140,46 g $NaC\ell O_4 \cdot H_2O$ in gedistilleerde water op en verdun kwantitatief na 200 cm^3.

STANDAARDE

(i) Stam-loodperchloraatoplossing

Voeg 10,7737 g lood(II)oksied by 500 cm^3 gedistilleerde water in 'n 2 dm^3 volumetriese fles. Voeg hierby drupsgewys perchloorsuur en skud goed. Herhaal totdat alle lood(II)oksied opgelos het. Verdun kwantitatief tot by die merk. Hierdie oplossing is ekwivalent aan 'n oplossing wat 5000 mg Pb^{2+} in 1 dm^3 bevat.

(ii) Standaard-lood(II)oplossing

Verdun 180 cm^3 van bogenoemde standaard loodperchloraatoplossing kwantitatief na 1 dm^3 met gedistilleerde water. Hierdie oplossing bevat 900 $mg \cdot dm^{-3}$ Pb^{2+}.

(iii) Stam-sulfaatoplossing

Los 2,9574 g watervrye natriumsulfaat, gedroog by 120° C vir 2 uur, op in gedistilleerde water en verdun kwantitatief na 2 dm^3. Stoor in 'n poli-etileen-houer by 4° C. Die oplossing bevat 1000 $mg \cdot dm^{-3}$ sulfaat as SO_4^{2-}.

(iv) Standaard-sulfaatwerkoplossings

Berei die volgende reeks standaardoplossings in 1 dm^3 volumetriese flesse.

Nommer	Volume stamoplossing (cm^3)	Sulfaatkonsentrasie in $mg \cdot dm^{-3}$
1	20	20
2	40	40
3	60	60
4	80	80
5	100	100
6	120	120
7	140	140
8	160	160
9	180	180
10	200	200

PROSEDURE

Pipetteer 50 cm^3 monster in 'n 250 cm^3 beker. Voeg 2 cm^3 ISA, 25 cm^3 900 $mg \cdot dm^{-3}$ Pb^{2+}-oplossing en 25 cm^3 van die metanol-formaldehiedoplossing by. Metings word uitgevoer terwyl die oplossing teen 'n konstante tempo geroer word met 'n Teflon-bedekte magnetiese roerder.

Kalibrasie word uitgevoer deur die 50 cm^3 monsterhoeveelheid te vervang met 50 cm^3 van die standaard sulfaatoplossings vir elke meting.

RESULTATE EN BESPREKING

Verskeie veranderlikes beïnvloed die resultate in hierdie bepaling. Gevolglik is besluit om hierdie veranderlikes deeglik te evalueer in die optimisering van die prosedure.

Die elektrode bepaal primêr die vry Pb^{2+}-ione in oplossing. Sulfaatione kan dus indirek bepaal word deur 'n oormaat Pb^{2+}-ione by die sulfaat te voeg en die resulterende hoeveelheid vry Pb^{2+}-ione te meet. Die oormaat Pb^{2+}-ione kan as 'n oplossing van loodnitraat of loodperchloraat bygevoeg word. Ross en Frant (1969) en Orion (1981, 1982) gebruik loodperchloraat in die onderskeie titrasiesisteme terwyl Scheide en Durst (1977) loodnitraat verkies het. Beide sisteme is volledig geëvalueer op die voorgestelde metode. Daar is gevind dat 'n oplossing van loodperchloraat beter resultate lewer. Die prosedure met loodnitraat het die volgende knelpunte gelewer. Die elektrode was meer onstabiel by lae sulfaatkonsentrasies, die kurwe by lae sulfaatkonsentrasies het vinniger afgeplat en steurings het 'n groter invloed uitgeoefen.

Natriumperchloraat word as ioonsterkte versteller in die prosedure gebruik. Die voorgestelde konsentrasie van 0,10 $mol \cdot dm^{-3}$ natriumperchloraatoplossing

(Orion, 1981, 1982) in die finale oplossing het bevredigende resultate verskaf en dit is net so in die voorgestelde prosedure geïnkorporeer. Daar is egter gevind dat sodra die soutinhoud in die monster te hoog sou word soos met seewater, bogenoemde konsentrasie aangepas moet word om wisselende ioonsterktes uit te skakel. Kaliumperchloraat is min oplosbaar in water. Dit skakel hierdie stof outomaties as ioonsterkte versteller uit.

Die relatiewe hoë oplosbaarheid van $PbSO_4$ (K_{sp} = 1,6 x 10^{-8}) in waterige medium kan 'n beperkende invloed op die indirekte bepaling van sulfaat uitoefen, veral by lae sulfaatkonsentrasies. Dit bring mee dat die volgende knelpunte ondervind word. Die elektrode is onstabiel en die kurwe plat vinniger af. Presipitaatvorming vind ook stadiger plaas. Verder is gevind dat die vorm van die kurwe van so 'n aard is dat baie swak presisie verkry word.

Ross en Frant (1969), Rechnitz en Kenny (1970), Scheide en Durst (1977) en Orion (1981, 1982) het verskeie organiese nie-waterige oplosmiddels gebruik om die oplosbaarheid van die $PbSO_4$-presipitaat te verlaag. Selig en Salomon (1974) het gevind dat p-dioksaan soos aanbeveel deur Ross en Frant (1969) nie geskik is as 'n nie-waterige sisteem nie. p-Dioksaan vorm peroksiedes in lug en die gevormde peroksied vergiftig die elektrode selfs in lae hoeveelhede. Dit is nie prakties uitvoerbaar om net vars oopgemaakte bottels p-dioksaan (Selig en Salomon, 1974) te gebruik nie. Dit is te duur.

Voorlopige toetse het aangetoon dat die hoeveelhede en tipe organiese oplosmiddel 'n belangrike en kritiese faktor vorm by die helling van die kalibrasiekurwe van sulfaat. Rechnitz en Kenny (1970) het die invloed van verskeie organiese oplosmiddels ondersoek, terwyl Scheide en Durst (1977) 'n 80 persent

isopropanol-water mengsel aanbeveel het. Bogenoemde ondersoeke is egter uitgevoer deur indirekte titrasie van sulfaat. Verder het Rechnitz en Kenny (1970) die loodperchloraatsisteem gebruik, terwyl Scheide en Durst (1977) 'n loodnitraatoplossing gebruik het. Eersgenoemde se resultate berus op direkte potensiometriese metings van die lood(II)ioon in 'n reeks water-organiese mengsels. Die voorgestelde metode berus egter op die indirekte bepaling van sulfaat deur direkte meting. Gevolglik is ondersoek ingestel na die invloed van 'n aantal organiese oplosmiddels op die sulfaatkurwe. Die resultate word in Figuur 1 aangetoon. Die helling is dwarsdeur sub-Nernstian. Die invloed van die relatiewe hoë oplosbaarheid van $PbSO_4$ kan duidelik waargeneem word uit die kurwe waar die metings net in water uitgevoer is. Die beste werkskurwe word met metanol verkry.

Omdat die elektrode die oormaat vry Pb^{2+}-ione meet nadat presipitasie met sulfaatione plaasgevind het, moes vasgestel word watter hoeveelheid Pb^{2+}-ione aanvanklik bygevoeg moes word. Die resultate van hierdie ondersoek word in Figuur 2 aangetoon. Hieruit blyk dit duidelik dat kromme met die hoogste presisie oor die hele konsentrasiegebied verkry word met 'n 900 $mg \cdot dm^{-3}$ Pb^{2+}-ioonoplossing.

Orion (1981, 1982) gebruik 'n 50 persent metanol-formaldehiedoplossing om die oplosbaarheid van die $PbSO_4$-presipitaat te verlaag en om oksidasie van die elektrode te vertraag. Daar is gevind dat die voorgeskrewe drie druppels 37 persent formaldehied by 1000 cm^3 metanol wel die oksidasie van die membraan vertraag, maar dat 'n 25 persent metanol-formaldehiedoplossing in die finale oplossing heeltemal voldoende is in die bepaling.

